
BIBLIOTEEK • LIBRARY
UOVS - BIBLIOTEEK
19890980610122000019

1989 098 061 01

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

Vir:

Willem,
Pieter-Schalk en
Rianke

Universiteit van die Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN
29 NOV 1989
T 780.92 MAL
BIBLIOTEEK

DIE MUSIKALE BYDRAE EN LOOPBAAN VAN JACQUES PIERRE MALAN

deur

MARIZAN KRüGEL

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER MUSICAE

in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte
(Departement Musiek)

aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

November 1988

Studieleier: Professor J.H. Potgieter

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

Jacques Pierre Malan (18 Junie 1923 -)

INHOUDSOPGAWE

		Bladsy
1.	BIOGRAFIE	1
2.	WERKLYS	15
2.1	**Gewyde Musiek**	15
2.1.1	Ongepubliseerde verwerkings van Psalms uit die Koraalboek	15
2.1.2	Ongepubliseerde verwerkings uit die Hallelujaboek	15
2.1.3	Ongepubliseerde verwerkings van Gesange	15
2.1.4	Verwerkings wat opgeneem is in gepubliseerde bundels Psalms en Gesange	17
2.1.5	Ongepubliseerde self-saamgestelde bundels verwerkings	18
2.1.6	Gewyde toonsettings in ongepubliseerde, self-saamgestelde bundels	23
2.1.7	Ongepubliseerde, nie-gebundelde gewyde toonsettings	24
2.1.8	Verwerkings in die Jeugsangbundel	26
2.2	**Vokale sekulêre musiek**	30
2.2.1	Operettes	30
2.2.2	Verwerkings in die FAK van 1979	37
2.2.3	Koorwerke	39
2.2.3.1	Verwerkings vir mannekoor	39
2.2.3.2	Liedere en verwerkings vir dogterskoor	39
2.2.3.3	Verwerkings vir gemengde koor	40
2.2.4	Sololiedere	42
2.2.5	Kantates	42
2.2.6	Werke vir die kinderbevolking	44
2.2.7	Skoolliedere	49
2.2.8	Andere liedere vir kinders	50

		BLADSY
2.3	**Instrumentale musiek**	51
2.3.1	Klavierstukke gegradeer volgens Unisa, maar nie in Unisa-bundels opgeneem nie	51
2.3.2	Klavierstukke in die 1979-83 bundels van Unisa	52
2.3.3	Snelstudies vir TOD- en GMR-eksamens	53
2.3.4	Bladlees vir Unisa-eksamens	54
2.3.5	Gehoortoetse vir eksamens van die TOD	56
2.3.6	TV-Drama	56
2.4	**Komposisies wat Malan as sy beste musiek beskou**	56
3.	MALAN SE IDEES	58
3.1	**Oor musikale styl**	58
3.2	**Oor Kerkmusiek**	59
3.2.1	Inleiding	59
3.2.2	Gemeentesang	59
3.2.3	Die Koraalboeke	60
3.2.4	Die Jeugsangbundel	61
3.2.5	Die plek van musiek in die kerk	62
3.2.6	Predikante van die Afrikaanse kerke	62
3.2.7	Die rol van die kerkkoor	62
3.2.8	Die orrel en die rol van orrelspel	63
3.2.9	Literatuur vir die orrel	64
3.2.10	Twee harmonisasies vir een melodie	64
3.2.11	Musiek wat geskik is vir 'n erediens	65
3.3	**Oor die toonsetting van woorde**	66
3.4	**Oor onderwys**	66
3.4.1	Inleiding	66
3.4.2	Realiteite	67
3.4.3	Bestaande soorte musiekonderrig aan skole	68

Bladsy

3.4.4	Algemene doelstellings vir bestaande musiekonderrigonderwys	69
3.4.5	Is individuele onderrig 'n staatsverpligting?	69
3.4.6	Algemene musikaal-vormende onderwys en groepwerk	72
3.4.7	Voorsiening van fasiliteite	75
3.4.8	Onderwys aan die verskillende ras- en taalgroepe	75
4.	MALAN SE BETREKKING AS ONDERWYSBEPLANNER	76
4.1	Algemeen	76
4.2	Die wysiging van die ordonnansie	78
4.3	Musieksentrums	79
4.4	Jeugkore en -orkeste	81
4.5	Kuns-, Musiek- en Balletskole	83
4.6	Koorleierskursusse	85
4.7	Malan se werk as moderator	86
5.	BESPREKING EN ANALISE VAN SOMMIGE WERKE	88
5.1	Halleel	88
5.2	Credo	107
5.3	Karoo	114
5.4	Tinktinkie	124
5.5	Vox Prophetae	132
5.6	Psalm 128 - Gesang 147	145
5.7	Gevoude sambreeltjie	160
5.8	Sewe susters	168
5.9	Operettes	205
	(Prys vir 'n Meisie)	207
5.10	Snelstudies en Bladleestoetse	216
6.	SAMEVATTING	220

		BLADSY
OPSOMMING		222
BYLAAG 1	(Halleel)	224
BYLAAG 2	(Credo)	245
BYLAAG 3	(Karoo)	248
BYLAAG 4	(Tinktinkie)	253
BYLAAG 5	(Vox Prophetae)	258
BYLAAG 6	(Psalm 128 - Gesang 147)	283
BYLAAG 7	(Gevoude Sambreeltjie)	288
BYLAAG 8	(Sewe Susters)	294
BYLAAG 9	(Prys vir 'n Meisie)	318
BRONNELYS		442

Hiermee wil ek graag al die persone en instansies wat my op die een of ander wyse met hierdie verhandeling behulpsaam was, opreg bedank in besonder die volgende:

- My studieleier, Prof. J.H. Potgieter, hoof van die Musiek Departement aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, wat my deurentyd raad gegee en onderskraag het, vir sy belangstelling, aanmoediging, inspirasie en baie moeite.

- Mnr. Pierre Malan, oor wie die verhandeling handel, sonder wie se samewerking die verhandeling onmoontlik sou gewees het. Hy was so vriendelik om sy versameling manuskripte beskikbaar te stel, en het etlike onderhoude aan my toegestaan. Ook het hy korrespondensie en verslae oor homself ter insae gegee en 'n foto van homself geskenk.

- Mnr. W. de Beer, vorige Hoof van Musiek van die Transvaalse Onderwysdepartement en mev. Anna Rudolph vir telefoniese inligting en persoonlike onderhoude.

- Die hoofde en personeel van die volgende instansies, vir die gebruik van hulle geriewe en insae in hulle versamelings, naamlik:

* die Dramatiese, Artistieke en Letterkundige Regte Organisasie (Edms). Beperk, Johannesburg,

* die Nasionale Afrikaanse Letterkunde Museum en Navorsingsentrum, Musiek en Toneel, Bloemfontein,

* die Tydskrifte-afdeling, Universiteitsbiblioteek, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein,

* die Universiteitsbiblioteek, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, en ook die Universiteitsbiblioteek, Universiteit van Pretoria, Pretoria,

- Mevv. Loezan Smith en Idolette Kotzé, sonder wie se hulp en bydrae hierdie verhandeling onmoontlik sou wees;

- Mev. Francis Smith wat 'n groot inspirasie was met haar voortdurende motjvering;

- Mev. E. Heymans, vir die tik van die verhandeling onder moeilike omstandighede;

- alle ander persone wat my gemotiveer en onderskraag het gedurende die duur van hierdie verhandeling.

Marizan Krügel

BLOEMFONTEIN

Oktober 1988

VOORWOORD

Die doel van hierdie verhandeling is om 'n beeld te gee van 'n vooraanstaande Afrikaanssprekende musikus wat oor 'n tydperk van veertig jaar invloed uitgeoefen het op die Afrikaanssprekende jeug en kerke .

Dit word nie beoog om enige waardebepalings van Malan se musiek te maak nie, en ook word sy menings oor kerkmusiek, onderwys, ens. weergegee sonder kommentaar.

Enige terme wat eie is aan Malan se denkwyse en nie erkende musiekterme is nie, soos byvoorbeeld die woord "kerktonadies", word in die teks bespreek en verduidelik.

In die harmoniese ontleding moet daarop gelet word dat alle majeur-akkoorde met hoofletters aangedui word, byvoorbeeld VI; mineur-akkoorde met kleinletters, byvoorbeeld vi, ensovoorts.

Terme soos $td\frac{9}{-1}$/ii beteken dat dit die tussendominant-negende in sy laaste omkering is waarvan die grondnoot van die akkoord weggelaat is. Die skuinsstreep dui aan dat dit van die supertonika mineur-akkoord is.

Afkortings soos ten. vir tenoor, sopr. vir sopraan, antis. vir antisipasie, ensovoorts word gebruik.

Hier moet ook genoem word dat o.h, o-h, ohnt alles staan vir onder-hulpnoot; so ook bo-h, b-h of bo-hulpnt vir bo-hulpnoot. Th is terughouding, terwyl bekl. beklemtoon aandui (byvoorbeeld beklemtoonde deurgangsnoot).

1. BIOGRAFIE

Jacques Pierre Malan is gebore op 18 Junie 1923 te Middelburg in die Transvaal. Albei sy ouers was baie lief vir musiek, hoewel hulle geeneen veel opleiding gehad het daarin nie. Sy moeder kon klavier speel "op haar eie manier", en sy vader, wat geen instrument kon bespeel nie, het graag gesing en suiwer noot gehou.

Malan senior was in hierdie jare verbonde aan die Hoërskool Middelburg, waar hy ook koshuisvader was. Die beskikbare ruimte in die koshuis was beperk, en omdat daar nie genoeg kamers was nie, is die kamer waarin die klavier gestaan het, afgeskort met 'n houtkas. Aan die een kant van die kas het die klavier gestaan en aan die ander kant die bababedjie waarin Jacques Pierre geslaap het. Hy het dus baie direk kontak gehad met enige musiek wat op die klavier gespeel is!

'n Vriend van sy ouers, ene oubaas McKenzie, was 'n bekende in die musiekkringe van Middelburg en het gereeld kom musiek maak op die Malans se klavier. Hy het veral graag die musiek van Bach en Beethoven gespeel; twee komponiste vir wie se musiek Malan vandag nog 'n spesiale voorliefde het. In hierdie verband sê hy "Dit is mos Suzuki se metode - die kind moet blootgestel word." Hy voel dat sy vroeë en volgehoue blootstelling aan die musiek van Bach en Beethoven 'n baie groot invloed op sy musikale vorming en ontwikkeling gehad het.

Vanaf 1936, die jaar waarin Malan in standerd 7 was, is sy vader aangestel as hoof van die skool op Lichtenburg. Hy was dus van standerds 7 tot 10 'n leerling aan die Hoërskool Lichtenburg. Sy musiekonderwyser in hierdie jare was die bekende "oom Ters" (Terstegen van Huyssteen, wat later 'n bekende geword het in veral die Vrystaatse onderwyskringe). Hy het Malan onderrig in klavier en orrel, waarin hy albei graad 8 van Unisa geslaag het in sy matriekjaar 1939. Sy musiekopleiding was steeds ekstra en privaat en hy het nie musiek as 'n skoolvak geneem nie. Hy onthou "oom Ters" as 'n besonder goeie

en ewe veeleisende onderwyser, wat ook gereeld een of twee keer per week plate-aande by sy ouers aan huis kom hou het, waar hy werke soos simfonieë verduidelik en voorgespeel het aan die klein groepie belangstellendes wat kom luister het. Hierdie "plate-aande" het vir Malan baie beteken.

Iets wat Malan nog goed onthou uit sy skooldae, is dat hy besonder graag wou leer tjello speel. Maar in daardie dae het 'n mens maar vanselfsprekend klavier en orrel geleer; ander instrumente was nie bekend aan die plattelandse mense nie en hulle het skertsend gesê dat "net uitlanders" ander instrumente bespeel het.

Nâ matriek is hy na die Universiteit van Pretoria waar hy gedurende die jare 1940 tot 1943 die B.Sc.-graad met Wiskunde en Toegepaste Wiskunde as hoofvakke voltooi het. Hy het nou privaatlesse geneem by Pieter Cruse, 'n blinde onderwyser wat sy liefde vir musiek bykomende dimensies gegee het deur hom die filosofiese agtergrond en godsdienstige betekenis daarvan te leer waardeer. Gedurende die jare wat hy by Pieter Cruse les geneem het, het hy geen eksamens afgelê nie, aangesien "'n B.Sc.-student se studieprogram te vol is."

"Oom Ters" was 'n baie goeie onderwyser wat veral die praktiese sy van musiek besonder goed onderrig het, maar Pieter Cruse "het 'n geweldige invloed op my gehad".[1] Hy het hom veral geleer dat "jy van jou Skepper afhanklik is, en dat jy eintlik niks kan doen as Hy nie die talent vir jou gee en die geleentheid om dit te ontwikkel nie".[2]

'n Verdere groot musikale invloed op Malan was die platekring wat 'n klein groepie studente onder die leiding van Pieter Cruse gevorm het. Hulle het gereeld bymekaar gekom en musiek geniet.

Op Universiteit was Bosman de Kock, toe 'n B.A.-student, sy

---

(1) en (2) Mondelinge gesprek met Malan in 1984.

kamermaat.[3] Hulle het 'n klavier in die kamer gehad waarop veral Malan baie graag geïmproviseer het. Hulle het soms ook duette saam gespeel en dikwels met klavierbegeleiding gesing. Hierdie aktiwiteite het Malan geleer om te hoor wat hy skryf en ook om te improviseer. Hy kan selfs volle orkespartiture wat hy skryf, redelik goed innnerlik hoor, maar hy toets dit altyd eers op 'n klavier.

Pieter Cruse en Bosman de Kock geld vir hom as 'n belangrike vroeë invloed op sy musikale ontwikkeling. Hy onthou nog allerlei musiekondervindings wat hy saam met De Kock beleef het; onder andere dat hulle soms net genoeg geld gehad het om 'n kaartjie vir 'n Simfoniekonsert in die Stadsaal te koop. Hulle het dan daarheen en terug gestap, want busgeld was daar nie.

In die jare wat Malan op Universiteit was, was daar buite die kerke geen bestaande koor in die hele Pretoria nie. En kerkkore is ook maar slegs hier en daar gevind. Hulle het ook net nou en dan opgetree, byvoorbeeld Prof. Gerrit Bon se kerkkoor.

Malan en Bosman de Kock het in hulle tweede studiejaar saamgespan om die eerste Tukkie-Universiteitskoor aan die gang te kry. In hierdie stadium het hulle geen toegewings van die Universiteit ontvang nie. Die vereniging wat hulle gestig het, het hulle die VOORSLAGGESELSKAP genoem. Daar was verskillende vertakkings in die vereniging. Sommiges het volkspele gedoen, daar was 'n plate-groep en ook 'n Boere-orkesgroep en dan die koor. Malan en De Kock het die koor waargeneem. Hulle het **Jesu, Joy of Man's Desire** en dergelike stukke vir die koor aangeleer.

As uitvloeisel hiervan het Malan lid geword van 'n groepie kultuurbewuste jongmense, wat hulle self "Die Katdorings" genoem het. Hierdie naam is gekies omdat 'n katdoring iets is wat

---

(3) Bosman de Kock het later 'n invloedryke posisie in die SAUK in Johannesburg beklee, en ook die eerste Direkteur van Truk geword.

baie fyn steek as hy aan jou vashaak, en die doel van die groep was om fyn te spot met alles en nog wat, maar veral met die politiek en met Genl. Smuts. Dit moet onthou word dat die vroeë veertigerjare 'n tyd van verskriklike emosionele woelinge in die land was: die Suid-Afrikaanse regering het oorlog verklaar teen Duitsland, maar daar was 'n baie groot groep, veral by Tukkies, met sterk anti-regering politieke gevoelens. Dit was ook die tyd van die Ossewa Brandwag (waarvan Malan 'n vurige lid was).

Anna Neetling-Pohl en haar broer Jan Pohl was die leiers van die "Katdorings". Baie van Jan Pohl se liedere wat vandag nog gesing word en oor die radio gehoor word, is in hierdie tyd gekomponeer, byvoorbeeld **Onder in die vlei stap 'n mannetjie.** Vir Malan was dit 'n tyd van belangrike skoling en kennismaking met diê bepaalde genre van Afrikaanse musiek. Die groepie het konserte gegee en ook verskeidenheidsprogramme aangebied. Hulle het 'n klein koor gehad, en almal het byvoorbeeld danse en komiese voorstellings gelewer.

In hierdie stadium het die regering "Waarheidsridders" gehad. Dit was mense wat aangestel is om dop te hou wat die anti-regeringsmense doen en dit te rapporteer, waarna laasgenoemde dan geïnterneer is.

Lede van die "Katdorings" was onder andere Bosman de Kock en Vicki Neethling ('n goeie toneelspeler van daardie jare). Daar moet onthou word dat TRUK nog hoegenaamd nie bestaan het nie en van ander toneelgeselskappe was daar nie sprake nie. Hulle ("Die Katdorings") was die eerste groep. Hulle het onder andere **Die Heks** van Leipoldt opgevoer. Wat Malan betref was die ondervinding en skoling wat hy só deurgemaak het onvervangbaar met geld. "Geen kursus op Universiteit kon daardie skoling aan 'n mens gee nie".[4]

---

(4) Mondelinge gesprek met Malan in 1985.

Nadat Malan gegradueer het, is hy in 1944 op Grabouw in die Kaap as onderwyser aangestel; ironies genoeg nie om wetenskap te gee nie (sy B.Sc.-graad het dus in onbruik gebly) maar wel vir musiek. In hierdie stadium het hy slegs Finaal gehad. Hier het hy ook orrel in die kerk gespeel. Hierdie jaar in Malan se lewe was uitstekende skoling, want hy was onervare en Grabouw is afgeleë en weg van alles. In sy onervarendheid het hy selfs leerlinge vir Unisa-eksamens ingeskryf. Malan glo egter dat dit van Bo so beskik is dat hy daardie jaar op Grabouw moes deurbring, want daar het hy sy vrou ontmoet; 'n laerskoolonderwyseres. Sy was 'n nooi (Nelltje) Senekal en hulle is drie jaar later op Oujaarsdag 1947 getroud.

Malan het toenemend tot die besef gekom dat hy totaal ongekwalifiseerd was as musiekonderwyser. Hy het aan die einde van 1944 na Kaapstad verhuis waar hy vir N.P. van Wyk Louw ontmoet het, wat verbonde was aan die Afrikaanse afdeling van die Fakulteit Opvoedkunde aan die Universiteit van Kaapstad. Deur sy bemiddeling, maar ook onder die invloed van sy eie vader wat al die jare 'n onderwysman was, het Malan in 1945 vir HOD ingeskryf. Volgens Malan was N.P. van Wyk Louw 'n fabelagtige man - omtrent iets soos 'n orakel. 'n Bydraende faktor hiertoe was dat Louw nie net Opvoedkunde gegee het nie, maar tussendeur ook sommer poësie. Uit 'n klas van 34 was hulle vier Afrikaanssprekende studente wat by Van Wyk Louw vakke soos Historiese Opvoedkunde en sekere metodieke geneem het.

Die HOD van die Universiteit van Kaapstad was vir Malan 'n baie interessante kursus. Gedurende die eerste drie kwartale is daar Maandae, Dinsdae en Donderdae klasse aangebied, terwyl die studente elke Woensdag voltyds skoolgehou het by 'n Afrikaanse skool en Vrydae by 'n Engelse skool.

So het Malan dan Woensdae by die Hoërskool Jan van Riebeeck wiskunde vir die standerd sewes gegee. Vrydae was hy by Woodstock Boys High waar hy wetenskap aangebied het (natuur- en skeikunde vir die standerd sewe klas).

Volgens hom was 'n persoon klaar 'n onderwyser wanneer die HOD by Ikeys voltooi was. Die dosente was uit die boonste rakke; in daardie jare het Prof. J.F. Burger (een van die eerste redakteurs van die Kinderensiklopedie) en Prof. E.G. Pels (wat baie opvoedkundige handboeke geskryf het) by die Universiteit van Kaapstad klas gegee.

Die hele vierde kwartaal is in beslag geneem deur voltyds onderwys te gee van Maandae tot Vrydae. Hierdie kwartaal het hy by Nassau gaan wiskunde gee. Alhoewel hy nie formeel opgelei is in musiek nie, het hy die skool se sang begelei, vir die kore en by die godsdiensseremonies gespeel, en was hy ook orrelis in Rondebosch. (Dr. A.P. Treurnicht was onder andere een van die predikante aldaar. 'n Ander een was wyle ds. A.J. van Wyk - 'n baie bekende figuur op Rondebosch, en 'n broer van Theo van Wyk, later rektor van UNISA).

Terwyl hy by Nassau proefonderwys gegee het, het hy vir Ken Swart (die broer van Audrey Blignaut) ontmoet. Hy was in daardie stadium die onderwyser in Engels van die skool. Ken Swart was toe deeltyds 'n aanbieder van 'n jeugprogram vir die SAUK, en hy het Malan versoek om iets oor musiek vir sy program te doen. Nadat hy Malan een middag na die SAUK geneem het, raak dié so geïnteresseerd dat hy onmiddellik begin het om musiekprogramme te skryf.

Gedurende hierdie tyd (1945 en 1946) was hy in Drie Anker Baai orrelis. Dit was die laaste N.G. Kerk waar daar nog saans in Engels kerk gehou is. Die kerkkoor het byvoorbeeld net uit Engelssprekendes bestaan; Malan kon nie een Afrikaanssprekende kry om in die koor te sing nie.

Op 'n dag het wyle Willem van den Berg, wat toe die hoof van die Afrikaanse programme was (hy was die skrywer van baie boeke byvoorbeeld **Reisigers na Nêrens**) Malan genader en gevra of hy nie sou belangstel in 'n pos as programopsteller in die diskoteek nie. Malan gaan dus nie skoolhou nie, maar beland by die SAUK (1946) waar hy programopsteller in die

diskoteek word. Hier het hy 'n enorme hoeveelheid plate rondom hom en doen hy 'n kennis op van repertorium wat hy nêrens anders sou kon opdoen nie.

In hierdie tyd begin Malan 'n sanggroepie (gemengde kwartet). Een van die lede was Chris Heyns, latere inspekteur van musiek in die OVS. Vir hierdie groep het Malan die eerste keer begin verwerk en komponeer. Dit was vir hom 'n skoling in harmonie. Hy begin volksliedjies van alle nasies oor die wêreld verwerk. Hier het hy ook die eerste Radio-operette in Afrikaans geskryf, met die naam **Bakvissies en Boeke** (1948). Die skryf van hierdie operette het praktiese probleme gelewer, want daar was geen dupliseringsmetodes nie. Dus het daar van die operette niks behoue gebly nie - alles het met die tyd verlore geraak. Dit was die eerste oorspronklike Afrikaanse operette wat uitgesaai is. Harmonie-boeke het hy gelees soos ander mense prosa en storieboeke lees; dit was sy stokperdjie.

Malan het Sondae die orrel in die kerk gespeel en ook die kerkkoor afgerig. Hy het musiek vir die kerkkoor verwerk, wat vir hom 'n verdere skoling in harmonie was.

Hy was die hele 1946 by die SAUK. In hierdie tyd het hy verloof geraak, en hy en Nelltje Senekal is in 1947 getroud. Hulle het gewoon in 'n klein kamertjie met 'n klein klaviertjie ("van hierdie klein plat klaviertjies").[5] **Bakvissies en Boeke** is onder meer op hierdie klaviertjie uitgewerk.

Een van die eerste groot programme wat hy alleen hanteer het, was in 1948, toe die FAK-Volksangbundel sy tiende verjaardag gevier het.[6] (Hierdie bundel is in 1938 uitgegee). In 1948 het die FAK besluit om 'n uurlange program aan te bied. Aan Malan is die koor toegesê. Dit was 'n "Duitse Madrigaalkoor" waarvan Stefans Grové lid was. (Malan en Grové was groot

---

(5) Mondelinge gesprek met Malan in 1984.
(6) Die SAUK onder leiding van wyle Piet Meyer het besluit om die tiende verjaardag van die sangbundel op hierdie manier te vier.

vriende. Grové het talle programme aangebied wat Malan vir hom gereël het). Hierdie was Malan se eerste groot aanbieding wat daartoe gelei het dat daar belangstelling in Afrikaanse musiek ontwikkel het. Hy het die hele ontwikkeling van die FAK Sangbundel geskets en verskillende liedere daaruit aangebied met behulp van die koor).[7]

Nâ twee of wat jaar het Malan die diskoteek verlaat en omroeper geword. Hy het byvoorbeeld uit die Stadsaal simfoniekonserte aangebied as omroeper. Hy het selfs saam met ds. A.J. van Wyk (Kobus) in 1949 'n reeks Bybel-dramas geskryf en opgevoer, waarvan hy ook die regisseur was. (Hiervan sê hy dit is tipies van **Fools rush in where angels fear to tread.**)[8] Verder het hy die hele geskiedenis van die Makabeüsfamilie gedramatiseer en dit het 'n reeks van agt radiodramas geword. Hy het ook komiese programme gedoen byvoorbeeld 'n boere-orkes met komediante wat optree. Pieter De Waal het toe nog geleef. Al hierdie aktiwiteite beskou hy vandag as deel van sy eie leerproses.

Steeds in hierdie tyd skryf Malan 'n radio-operette wat baie bekend sou word met die naam **Freule Marike**. S.C. (Kerneels) Esterhuyze het die operette later vir die verhoog verwerk. Malan het die musiek aangepas vir skoolkinders en dit het sy eerste verhoogoperette spesifiek vir skoolkinders geword.

In 1947 is hy in Rondebosch aangestel as orrelis. Hier het hy die erediens gelei met sy orrelspel tot in die helfte van 1951. In hierdie tyd het hy ook vir ses weke in Observatory afgelos, waar hulle hom 1 pond en 10 sjielings per Sondag betaal het.

Malan se vader was sy hele lewe 'n onderwysman en hy was bitter

---

(7) In die begin van 1970 is Malan genomineer as lid van die FAK musiekkomitee en dien nou nog, na 17 jaar, daarop. Anton Hartman was destyds voorsitter. Daar is toe reeds begin met planne vir 'n nuwe edisie wat toe in 1979 verskyn het.

(8) Mondelinge gesprek met Malan 1985.

spyt dat nie een van sy drie kinders (waarvan Malan die middelste een is) in die onderwys beland het nie. In die jaar 1951 het sy vader hom dus omgepraat om by die SAUK te bedank en onderwyser te word. Hy aanvaar toe 'n pos as wiskundeonderwyser in Klerksdorp - om in die onderwys te wees was maar eintlik wat hy altyd wou doen. In hierdie tyd het die orrelpos oopgegaan en is hy aangestel as orrelis van die Moedergemeente van Klerksdorp.

Die volgende jaar (1952) het 'n grootse jaar in Malan se lewe geword. Hy was gelukkig om 'n skoolhoof te hê wat dol was oor musiek - W.F. (Oom Doeps) du Plessis. Hy was iemand wat 'n pragtige plate-versameling aan huis gehad het.

In daardie jare het die skole net 'n sekere kwota onderwysers gehad en daarmee moes die skoolhoof klaarkom. Alle vakke moes deur hierdie getal onderwysers gedek word (daar kon nie 'n onderwyser bó hierdie kwota aangestel word nie.) Ten spyte van bogenoemde het Oom Doeps besluit om tog die kwota só te benut dat daar musiek aan sy skool gegee kon word, want hy wou besonder graag die leerlinge die geleentheid gee om musiek te neem. Hy vra Malan toe om bo en behalwe wiskunde ook musiek te gee. In 1952 begin die Standerd 7 en 9 klasse toe musiek ook neem.

Gedurende hierdie jare (1951 en 1952) is die Potchefstroomse Konservatorium gestig met Prof. M.C. Roode as hoof. Malan gaan toe na Prof. Roode en sê aan hom dat hy musiek moet gee en dat hy totaal onseker is oor wat om te doen en Roode stel voor dat Malan by hulle 'n Skoolmusieklisensiaat moet doen, wat hy later met goeie resultate verwerf het.

In dieselfde jaar het die skoolhoof (Oom Doeps) Malan ingeroep en aan hom gesê dat daar tweejaarliks 'n operette by die skool opgevoer word, en dat Malan dit in 1952 moes hanteer. Die vorige operette wat die skool opgevoer het was **Pearl the Fishermaid**, maar Oom Doeps wou iets meer eg-Afrikaans hê, en Malan het toe met die hande in die hare gesit oor wat opgevoer

sou word. Hy en Kerneels (Essie) Esterhuyze besluit toe om hulle eie operette te maak, en dis net hier waar **Freule Marike** weer uit die argiewe van die SAUK opgegrawe en opgevoer word. (Perskor het later hierdie operette gepubliseer). Die volgende jaar wou die President Laerskool in Klerksdorp ook 'n operette opvoer en hulle nader toe vir Malan om ook vir hulle 'n nuwe Afrikaanse operette te skryf. So is **Towenaar van Drakenstein** "gebore". Hierdie werk is besonder dikwels opgevoer nā die premiére in die Klerksdorpse Laerskool President, maar nog nooit gepubliseer nie.

Op 'n dag in 1953 het Bosman de Kock vir Malan gebel. De Kock was in daardie stadium die organiseerder van Jeugprogramme by die SAUK en hulle was op soek na geskikte musiek om uit te saai. Malan sê toe aan hom dat hy die skoolkoor afrig en dat hulle 'n paar liedere vir hom sal kom sing, onder andere ook 'n paar van die operetteliedjies. Bosman de Kock was sō beïndruk met die skoolkoor dat hy daarna die volle operette by die radio wou doen. Hy het die manuskrip by Malan gekry (alles met die hand geskryf) en dit saam met 'n paar opnames na Johannesburg geneem.

Die volgende wat Malan gehoor het, was van Con Lamprecht, wat hom geskakel het om seker te maak van 'n paar note wat onduidelik was, want hy was toe al besig om die musiek te orkestreer. En ten slotte is die operette uitgevoer met Mimi Coertze en Gert Potgieter in die hoofrolle. Dit was Mimi se eerste werklike groot optrede in Suid-Afrika (1953). Die SAUK-orkes het begelei. Gehore het daarna gaan kyk in die ateljee, en dit was die eerste keer dat die SAUK die nuus uitgestel het om 'n volle twee uur-program van operette uit te saai. Jan Schutte het die regie gedoen en Jerry Schulman was die dirigent.

Die volgende jaar (1954) was dit die Hoërskool se beurt vir 'n operette en Malan skryf toe vir hulle **Ridders van die Swartwoud**, weer volgens 'n libretto van Kerneels Esterhuyze. Dit speel af in die tyd van die Leenhere en is vir die eerste

keer in die Klerksdorpse Hoërskool opgevoer en agterna uitgegee deur 'n drukker in Klerksdorp. Hierdie uitgawe was op Gestetner-wasvelreproduksies van handgeskrewe musiek en het sedertdien heeltemal uit druk gegaan.

In daardie dae was daar geen beheer oor tantieme en opvoerregte, ensovoorts nie.[9] Malan het dus nooit 'n sent na sy kant toe sien kom nie; eers sedert ± 1980 word hy vergoed vir sy musiek wat uitgevoer word. Kerneels Esterhuize het die libretto van sy eerste paar operettes geskryf. Hy was die Afrikaanse Onderwyser aan Klerksdorp Hoër en volgens Malan baie briljant. Sy klasse se gemiddeld was tot 15 % hoër as die gemiddelde Transvaalse punte.

In 1956 is Malan deur die TOD na die Onderwyskollege van Pretoria gesekondeer. Dit is vir hom na al die jare nog baie erg dat hy in die middel van die jaar van sy Matriek-wiskundeklas weggeneem is, maar die vertroosting was dat hy na sy groot liefde - musiek - oorgeskakel is. Aan die Onderwyskollege moes hy musiek gee.

Hier het Malan onder die invloed van Helena Strauss ('n baie bekende figuur in die Musiekkringe van daardie jare, nou reeds oorlede), begin skryf en verwerkings maak vir verskillende kore, soos dameskore, die Kollege-koor, gemengde kore, ensovoorts.

Pas in Pretoria aangekom (1956), is Malan dadelik as orrelis aangestel in Suid-Oos Pretoria. Daar het hy Sondae in die Kerk gespeel totdat hy ses jaar later na Delmas verplaas is waar hy glad nie orrelis was nie.

1956 het geblyk 'n baie geseënde jaar te wees vir die Malans.

---

(9) Daar was geen Suid-Afrikaanse organisasies, soos SAMRO en DALRO, wat omgesien het na komponiste se belange nie. Daar was wel PRS (Performing Right Society), vir buitelandse musiek, maar plaaslike komponiste het geen voordeel hieruit getrek nie.

Hulle oudste seun, Jakobus Petrus, is gebore. (Hy het later ook musiek studeer en ontwikkel in 'n kranige hobo-speler. Eers was hy verbonde aan die Onderwysdepartement van Natal en het musiek gegee in Durban en tans is hy in die OVS aan die Musicon verbonde.)

Malan was skaars ses maande aan die Kollege verbonde toe hy in die begin van 1957 bevorder is tot Departementshoof.

In sy eerste jaar by die Kollege wou "Essie" (S.C. Esterhuyze) 'n operette hê. Van Pretoria af stuur hy toe vir hulle **Die Minnesangers** wat hy spesiaal vir die geleentheid skryf. Die studente van Pretoria het dit daarna in die hande gekry, asook **Freule Marike**, en albei is deur hulle opgevoer. Die manuskrip wat aan die skool geleen is, het verlore geraak en Malan het later van die musikale materiaal uit die operette in ander operettes gebruik, omdat hy in elk geval nie meer die woorde van **Die Minnesangers** gehad het nie. Soos **Die Towenaar van Drakenstein** was **Die Minnesangers** ook 'n besonder gewilde operette.

Terwyl Malan klas gegee het aan die Kollege het hy besluit dat die Skoolmusieklisensiaat wat hy as kwalifikasie het nie voldoende is nie. Deur die Universiteit van Suid-Afrika verwerf hy toe die graad B. Mus in 1961. Aangesien hy 'n taamlike agtergrond gehad het en hy vrystelling van 'n aantal vakke gekry het, het hy bogenoemde graad in slegs twee en 'n half jaar voltooi. Hierna het hy ook die Onderwys- en Voordraers Lisensiaat van UNISA gedoen.

1957 het vir Malan nie net bevordering gebring in sy werk nie, maar die Malans het nog 'n seun ryker geword. (Ettienne Pierre het ook in 'n musikus ontwikkel, 'n praktiese Honneurs in Klarinet gedoen, en speel tans op aflosbasis vir die Kaapse Simfonie-orkes).

1961 het geblyk 'n baie bedrywige jaar in die lewe van Malan te wees. Hy het die Transvaalse Studente-Koor saamgestel uit

die studente van al vier Onderwyskolleges, op 'n oorsese toer geneem, en dit was die eerste Suid-Afrikaanse Jeugkoor wat in die buiteland gaan optree het. Die koor is "Die Transvalia-Studente-Koor" genoem.

Hy was pas terug toe hy verplaas is na Delmas waar hy vir agttien maande afgelos het as Vise-hoof. Hier gee hy toe vir die eerste keer na jare weer wiskunde vir skoolleerlinge.

Sy derde seun, Stephanus Francois, is in die besige 1961 gebore. (Ook hy het in sy vader se musikale voetspore gevolg en speel veral Franse horing, maar ook klavier en fluit. Hy is tans hulpdirigent van die Stellenbosch Blaasorkes en is 'n onderwyser in Kennelworth in die Kaap).

Terug in Pretoria na agttien maande het Malan orrelis geword in Arcadia tot en met Januarie 1965. Daarna is hy as orrelis aangestel in Meyerspark vanaf Februarie 1965 en hier is hy nou al vir die afgelope 18 jaar werksaam.[10]

Pas terug by die Kollege in Pretoria na sy agttien maande op Delmas, het UNISA hom omgepraat om 'n senior lektoraat te aanvaar in hulle Musiekdepartement (1965). Kort nadat hy daar begin werk het, het hy weer verder studeer vir M. Mus. D.J. Roode (Dawid) was toe hoof van die Musiekdepartement. (Hy was tydelik by UNISA aangestel nā sy aftrede by UOVS om 'n musiekdepartement by UNISA aan die gang te kry.) Prof. van der Linde is later in Roode se plek permanent aangestel en Malan het die M. Mus dus onder hom voltooi.

Kort voor Januarie 1970 het die Transvaalse Departement besluit om 'n musiekpos by die Administratiewe hoofkantoor te stig. Malan het toe in Januarie 1970 by die TOD "Hoof van Musiek" geword.

---

(10) Vir hierdie kerkkoor het Malan onder andere twee gerieflik singbare groot werke voorsien van Afrikaanse woorde want 'n eie taal beteken meer vir 'n koor as ingewikkelde Latyn. Hierdie werke is **Die St. Nicholas Mis** van Haydn en **Gloria** van Vivaldi.

In die loop van 1973 is Malan deur die TOD afgevaardig om 'n studiereis te onderneem om die vorming van jeugorkeste te bestudeer in Engeland en veral in Amerika. In Amerika moes hy ook die gedagte van groepsonderwys in plaas van individuele onderwys deeglik ondersoek, en die kursus in musiek-laboratorium-tegnieke daar bywoon. In dieselfde jaar is hy na Japan waar hy die Suzuki- en Yamaha-skole bygewoon het.

In 1978 is sy titel na "Beplanner van Musiek" verander aangesien alle "Hoof"-poste afgegradeer is.

Die volgende jaar (1979) was Malan vir die tweede maal by 'n Orff-kursus in Salzburg. Nog 'n kursus in musiek-laboratoriums in Amerika het gevolg.

Malan was vir veertien jaar aan die TOD verbonde. Hy het baie veranderings en vernuwings teweeg gebring, wat in hoofstuk 4 bespreek word. In 1984 het hy afgetree, waarna hy voltyds sy tyd aan komposisie begin wy het en jaarliks nog vir UNISA eksamensessies behartig het. Sy tyd word verder in beslag geneem deur die skryf van gedigte (hoofsaaklik kinderversies), maar ook ernstige gedigte.

2. WERKLYS

2.1 Gewyde Musiek[1]

2.1.1 Ongepubliseerde verwerkings van Psalms uit die Koraalboek

	23	Die Heer is my Herder (Dvorak) vir vierstemmige koor (SATB)
5	25	Tot u hef ek hart en hande
5	38	Straf tog nie in ongenade (Liederwysie - verwerking)
5	49	Leer ons op U wag
	54	O God, verlos my deur U Naam (Liederwysie - verwerking)
5	84	Hoe lief het ek u wonings (Liederwysie-verwerking)
5	100	Juig al wat leef (Dubbeldeskant/Deskant, Sopr, Alt)
	128	Wie deur Gods vrees bewoë
	134	Laat Heer U seën op hul daal (Deskant, Sopr, Alt)
	140	O Heer, verlos my
	143	O Heer, ek roep, hoor my gebede
5	145	U Naam O Heer, so hoog in heerlikheid

2.1.2 Ongepubliseerde verwerkings uit die Hallelujaboek

By Bethlehem in Winterkou (SA en deskant)

O Vader wat woon in die Hemel (verwerking)

2.1.3 Ongepubliseerde verwerkings van Gesange[1 en 2]

Ges	5	Kom dank nou almal God (slegs desk. bygevoeg)
	6	Heilig, Heilig, Heilig (Deskant)
5	10	Grote God aan U die eer
5	40	U goedheid Heer

---

(1) Nommers van Psalms en Gesange word oral gegee volgens die nuutste uitgawe van die Koraalboek. Syfers links van die Psalm- of Gesangnomer dui op die nommer van die Koorboek waarin dit opgeneem is. Vir sy Koorboeke, kyk pp. 18-22.

(2) Alles vir SATB, behalwe waar anders aangedui.

49 Leer ons op U wag, o Heer (Liederwysie-verwerking)

62 Loof die Here, al wat lewe vir koor, (SATB) gemeente en orrel (verw) J. Goss (1800-1880)

5 63 Lofsing die Heer (Deskant)

5 69 Loof, loof die Heer, O Christendom[3]

76 Maak groot die Heer se Naam (- gekoppel aan Gesang 80)

78 U het gekom, Immanuel

79 Kom loof die God van Israel (SA)

80 O Christus, ons Verlange

84 Weer dink ons aan die Saal'ge nag (Verbind met die Melodieë van Ges 89 en 103)

87 Kom kinders, besing met 'n vrolike stem (vir Koor, Orrel en Gemeente)(verw) J.A.P. Schulz (1747-1800) Gütersloh

88 Kom alle Getroues (Deskant)

89 Jesus ons loof U (Deskant)

96 Stille Nag (Deskant)

103 O die goeie tyding (Deskant)

104 Hoor die blye tyding (Deskant)

5 121 Ek hef my oë bergwaarts heen

5 123 My Verlosser aan die Kruis

130 Middelpunt van ons Verlange (Deskant)

132 Die Woord deur die eeue

133 Is dit, is dit my Koning? (Deskant)

5 141 Prys die Heer

146 Die Heer, die Heer het opgestaan (Deskant)

147 Ons hoor die Paasfeesklokke

5 150 Ons sing nou bly (SAB)[4]

5 171 Hef op jul poorte[5]

5 177 Ek sien 'n nuwe hemel kom

5 182 Besing die lof van Jesus Naam[6]

212 Die Here salf ons met Sy Gees[7]

5 230 Ek wat vergifnis ontvang (Deskant)

---

(3) Opgeneem in Kom loof die Heer I
(4)+(5) Opgeneem in Kom loof die Heer II
(6)+(7) Opgeneem in Kom loof die Heer III

5 241 God het gespreek
5 245 Ewig onbegryplik wese
5 336 Allerhoogste Hemelvader[8]
5 345 O Grote Christus (Liederwysie-verwerking)
Ou 187 Salig in die Heer te sterwe
Ou 80 God, enkel lig

2.1.4 Verwerkings wat opgeneem is in gepubliseerde bundels Psalms en Gesange

KOM LOOF DIE HEER, Deel I, II en III - Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers, 1979, 1982 en 1986.

Deel I

1. **Loof, loof die Heer** (Gesang 69) vir tweestemmige koor (SA) met begeleiding op drie instrumente). Teks: I.L. de Villiers (verw. 1979)

2. **Allerhoogste Hemelvader** (Gesang 336) vir driestemmige koor (SAB) met driestemmige instrumentale begeleiding. Afrikaanse teks: G.J. van der Merwe. (verw. 1979); J. Goss (1800-1880)

Deel II

1. **Ons sing nou bly ons vreugdelied** (Gesang 150) vir driestemmige koor (SAB) met klavierbegeleiding). Afrikaanse teks: Gerjo van der Merwe; (verw. 1981); Oud-Nederlandse Paaslied deur J. Kunst/effens gewysig (Allegro Moderato)

2. **Hef op jul hoofde, vromes** (Gesang 171) vir tweestemmige koor (SA). Afrikaanse teks: I.L. de Villiers; (verw. 1981); 16de eeu/geestelik Leipzig 1585

---

(8) Opgeneem in Kom loof die Heer I

Deel III

1. **Besing die lof van Jesus Naam** (Gesang 195) vir vierstemmige koor (SATB). Afrikaanse teks: A.P. van der Colf; (verw. 1984); W. Shrubsole (1779)

2. **Die Here self ons met sy Gees** (Gesang 212) vir tweestemmige koor (SA). Afrikaanse teks: A.P. van der Colf; (verw); A.R. Reinagle (1830) (Allegro)

2.1.5 Ongepubliseerde self-saamgestelde bundels verwerkings

Gewyde Liedere vir Algemene Gebruik (5 boeke)

N.G. Kerk Meyerspark; Versamel en versorg deur Pierre Malan.
Boek I = Koorboek
Boek II = Koorwerke vir die Erediens
Boek III = Liedere vir Kerstyd
Boek IV = Koorboek
Boek V = Koorwerke, gebaseer op tekste of melodieë uit die Koraalboek

KOORBOEK I

1. **Al sou'k die skoonste Taal kon spreek,** vir vierstemmige koor (SATB). Teks: Totius op 1 Korinthiërs 13; Melodie van A. Brown gewysig en geharmoniseer deur Pierre Malan

2. **Lied van Hoop** vir vierstemmige koor (SATB/SAB)

3. **Salig is hul wat sterwe** vir vierstemmige koor (SATB)

4. **Kyrie Eleison** vir vierstemmige koor (SATB)

KOORBOEK II

5. **Credo** vir vierstemmige koor (SATB) (Sien ook p. 107)

6. **Deur U dood** vir vierstemmige koor (SATB)

7. **My Siter Rouklaag** vir vierstemmige koor (SATB). Teks uit Job 30: 17-19, 31

KOORBOEK III

LIEDERE VIR KERSTYD

8. **Die Herders was nog by hul skape** vir vierstemmige koor (SATB). Oud Nederlands (verw)

9. **Ere aan God** vir vierstemmige koor (SATB). Bykomend Sopraan I en II solo, Alt-solo en Bas-solo

10. **Heer Jesus is gebore** vir vierstemmige koor (SATB). Woorde en melodie: Anna Rudolph: Harmonisasie: Pierre Malan

11. **Gebore is die Kindjie klein** (Kyrie Eleison) vir vierstemmige koor (SATB)

12. **Helder Ster** - Poolse Kerslied vir vierstemmige koor (SATB) (verw)

13. **Hoor die blye Eng'lelied** vir vierstemmige koor (SATB). Afrikaanse woorde: Hallelujaboek; Musiek: Felix Mendelssohn. Deskant by tweede strofe en orrelparty: David Wilcocks; Deskant by derde strofe: Pierre Malan

14. **In die hemel is daar vreug** vir vierstemmige koor (SATB), Oud Nederlandse Kerslied; Verwerking Annie Langelaar; Vierstemmig aangepas deur Pierre Malan

15. **Tiroolse Kerslied** vir vierstemmige koor (SATB) (verw)

16. **Sion roep U lofsang uit** vir sesstemmige koor (SSATBB). (Oud-Nederlands, verw)

KOORBOEK IV

17. **Ons is Heer, in skuld gebore** vir vierstemmmige koor (SATB)

18. **Die Here sal u seën en bewaar** vir vyfstemmige koor (SSATB)

19. **Red my deur U mag** (Ps. 54) vir vierstemmige koor (SATB)

20. **Hoe lief het ek U wonings** (Psalm 84) vir vierstemmige koor (SATB), met begeleiding en sopraansolo

KOORBOEK V

Koorwerke, gebaseer op tekste of melodieë uit die Koraalboek[9]

21. **Allerhoogste Hemelvader** (Gesang 336: 1-2) ("Praise my Soul") vir driestemmige koor (SAB) met driestemmige instrumentale begeleiding (verw)

22. **Besing die lof van Jesus Naam** (Gesang 182: 1-5) vir vierstemmige koor (SATB) (verw)

23. **Ek hef my oë bergwaarts heen** (Psalm 121: 1-4) vir driestemmige/vierstemmige koor (SAA/SATB). Melodie: Louis Bourgeois; Verwerking: Vers 1 en 3: Pierre Malan, Vers 2: Koraalboek, Vers 4: Claude Goudimel

24. **Ek sien 'n nuwe hemel kom** (Gesang 177: 1-5) vir vierstemmige koor (SATB). J.S. Irvine 1836-1887, deskant: Pierre Malan

25. **Ek wat vergifnis** (Gesang 230: 1-3), melodie met deskant en bas verwerking deur Pierre Malan

---

(9) Afrikaanse tekste deur en aangepas deur Pierre Malan.

26. **Ewig onbegryplik' wese** (Gesang 245: 11) vir vierstemmige koor (SATB) met deskant (verw)

27. **Grote God aan U die eer** (Gesang 10: 1-3) vir vierstemmige koor (SATB) met deskant verwerking

28. **God het gespreek** (Gesang 241: 1-9). A.C. van Velden 1944, deskant: Pierre Malan

29. **Hef op jul poorte** (Gesang 171: 1-3) vir tweestemmige koor (SA) met klavier of twee geskikte instrumente as begeleiding

30. **Here van die leërskare** (Meine seel' erhebt den Herrn) Kom koop wyn en melk. Koraalmelodie: Meine seel' erhebt den Herrn" bekend as "Duitse Magnificat" (Voor-reformatories bekend as "Tonus Peregrinus" vir vierstemmige koor (SATB) Afrikaanse Teks: Pierre Malan gebaseer op Jesaja 54: 5, 55: 1, 2 en 6 (1982)

31. **Hoe lieflik is U wonings Heer** (Psalm 84: 1, 3, 6), vir vierstemmige koor (SATB). Liederwysie opgeteken deur Willem van Warmeloo. Vierstemmige verwerking: Pierre Malan

32. **Juig al wat leef** (Psalm 100: 1-4). P.K. de Villiers (1926) met dubbeldeskant verwerk deur Pierre Malan (Melodie met dubbeldeskant)

33. **Leer ons op U wag** (Psalm 49: 1-2), vir vierstemmige koor (SATB) (Badenhorst-gesang in Strydenburg 1950) (verw)

34. **Lofsing die Here** (Gesang 63: 1-4) vir driestemmige koor (SAB) met deskant

35. **Loof, loof die Heer, O Christendom** (Gesang 69: 1-2) vir tweestemmige koor)(SA) "Lob Gott' der Herrn, ihr Heiden all" met begelejding op drie instrumente

36. **My Verlosser aan die Kruis** (Gesang 123: 1, 3, 4) vir driestemmige koor (SAB) + (SATB Cantus Firmus in die Tenoor)

37. **O Grote Christus, ewige Lig** (Gesang 345: 1, 2, 3, 6) Liederwysie (Strydenburg 1950) (verw)

38. **Ons sing nou bly** (Gesang 150: 1-3), vir driestemmige koor (SAB) met klavierbegeleiding

39. **Prys die Heer** (Psalm 141: 1, 3, 8) vir vierstemmige koor (SATB)

40. **Straf tog nie in ongenade** (Psalm 38: 1, 8, 15, 17) vir vierstemmige koor (SATB) Liederwysie-verwerking

41. **Tot u hef ek hart en hande** (Psalm 25: 1-2), vir vierstemmige koor (SATB). Melodie: Bourgeois. Genevë 1551. (verw) Afr. Teks: Totius. Hierdie opdragwerk is op versoek van die Suid-Afrikaanse Kerkorrellistevereniging gemaak.

42. **U goedheid Heer** (Gesang 40: 1-6) vir vierstemmige koor (SATB) met deskant; L. Viner Harmonisasie: Koraalboek; Deskant: M.C. Roode, gewysig Pierre Malan

43. **U Naam o Heer, so hoog in heerlikheid** (Psalm 145: 1-4) vir vierstemmige koor (SATB)

Psalm 130 en Psalm 84

Psalm 130 (Supplicatio et Gratulatio) en Psalm 84, volledige Bybelteks vir sopraansoliste en gemengde koor (SATB). Supplicatio teks: Ps. 130 - Oorgang: Jes 9: 1; Gratulatio teks: Pierre Malan. Oorspronklik geskryf vir Annelie Wentzel en die Meyersparkse N.G. Kerkkoor. Hersien en uitgebrei spesiaal vir die Ad Musicum Koor o.l.v. Willem van Tonder.

KERKKOOR MET GEMEENTE (Psalm 128, Gesang 147) vir vierstemmige (SATB) of driestemmige (SAB) koor, gemeente en orrel. (verw) Melchior Teschner 1613

DRIE LIEDERWYSIES vir gemengde koor (SATB). 1) Ges. 345: 1, 2, 3, 6; 2) Ps 38: 1, 8, 15, 17; 3) Ps. 49 (Badenhorst-gesang) (verw) Strydenburg 1950

VYF KERSLIEDERE vir gemengde koor (SATB), verwerking en Afrikaanse teks deur Pierre Malan

1. Tiroolse Kerslied
2. Helder-ster (Poolse Kerslied)
3. Kyrie Eleison (Gebore is die Kindjie klein)
4. Die Herders (Oud Nederlands)
5. Sion roep U Lofsang uit (Oud Nederlands)

2.1.6 Gewyde toonsettings in ongepubliseerde, self-saamgestelde bundels

ELF GEWYDE LIEDERE vir gemengde koor (SATB)

1. Die Here leef (2 Samuel 22: 47, 50, 2, 3) (ook SAB)
2. Heer U Lig
3. Lamentatio (Klaagliedere 5: 14-21)
4. Hosanna! Seun van Dawid! (Mattheus 21: 9, 11) (Julie 1985)
5. Hoor tog, Here, my gebed (Psalm 143: 1, 2, 7, 8 uit die 1979 vertaling van die Bybel) (1982)
6. Laat Heer U Glans
7. U Woord, O Heer, staan altyd vas (Psalm 119: 89, 97, 105, 111, 123, 137 uit die 1979 vertaling van die Bybel) (Junie 1982)
8. Salig is hul wat sterwe
9. Ons is, Heer, in skuld gebore
10. Red my deur U Mag (Psalm 54)
11. My Siter Rouklaag (Job 30: 17-19, 31)

'n **Kersspel** vir laerskole met sopraan- en tenoorsoliste en klavierbegeleiding. Teks: Kerneels Esterhuyze. Hierdie kersspel is oorspronklik geskryf in 1987 vir Mimi Coertze, Johan van Niekerk, en die Laerskool Anton van Wouw in Pretoria. Dit bestaan uit 'n dramatisering van die Kersverhaal waaraan 'n onbeperkte aantal leerlinge kan deelneem. 'n Laerskoolkoor, 'n spreekkoor, 'n sopraan- en tenoorsolis en twee vertellers word benodig. Dit kan in 'n skoolsaal of in die buitelug opgevoer word en dit duur sowat 80 minute. Die items is as volg:

1. Geloof sy God
2. Want daar is 'n Kind vir ons gebore
3. Die straf en pyn
4. Die Profesie
5. Geseënde Maagd
6. Maria se Lofgesang
7. Gloria in Excelsis Deo
8. Ere aan God
9. Grote God
10. Lofsang van Simeon
11. Maria se Wiegelied
12. Rama, plek van Smarte
13. Die Stille blindes

DRIE LITURGIESE TOONSETTINGS vir gemengde koor SATB

1. Die Here sal u seën en bewaar (SSATB)
2. Credo
3. Die Apostoliese Geloofsbelydenis (Jan. 1985)

2.1.7 Ongepubliseerde, nie-gebundelde gewyde toonsettings

1. **Deur U dood** vir vierstemmige koor (SATB)
2. **Agnus Dei** (uit Latyn) vir vierstemmige koor (SATB)

3. **Kom koop wyn en melk**[10] (uit die Duitse Magnificat) verwerk en vertaal deur Pierre Malan
4. **Nie om gedien te word nie, maar om te dien** (N.G. Kerk Sustersvereniging-lied; G. Louis Richard
5. **Al sou'k die skoonste Taal kon spreek** Teks: Totius op 1 Kor. 13; Melodie van A. Brown gewysig en geharmoniseer (SATB)

---

(10) Ook "Here van die leërskare". Koraalmelodie: "Meine Seel' erhebt den Herrn" bekend as **Duitse Magnificat.** (Voor-reformatories bekend as "Tonus Peregrinus") SATB Afr. Teks: Pierre Malan gebaseer op Jes. 54: 5, 55: 1, 2, 6 (1982).

2.1.8 Verwerkings in die JEUGSANGBUNDEL[11] - Bloemfontein: Algemene Jeugkommissie van die Ned. Geref. Kerk, 1984. (Vir die Begeleier. Klavierbegeleidings in samewerking met Berta Spies)

AAN GOD AL DIE EER, no. 3, p. 4

AAN DIE VADER DANK EN ERE, no. 4, p. 5

HERE, EK SAL U LOOF (Ps. 107: 31), no. 5, p. 6

ERE AAN JESUS, no. 6 p. 6

LOOF HOM MET DIE TROMME (Ps. 150), no. 7, p. 8

O HEER, MY GOD, no. 8 p. 8

SING, HALLELUJA, no. 9, p. 10

PRYS DIE HEER, ALLE VOLKE EN NASIES, no. 10, p. 11

AAN JESUS, KONING, AL DIE EER (Openbaring 5: 8-10), no. 11, p. 12

EER AAN GOD, DIE VADER (Jesaja 6), no. 12, p. 13

ONS LOOF U VIR AL U HANDEWERKE, no. 13, p. 14

HEILIG, HEILIG, HEILIG IS DIE HERE GOD (Jesaja 6: 3-7), no. 15, p. 18

JESUS, GROOT BO ALMAL, no. 16, p. 19

O DIEPTE VAN DIE WYSHEID (Romeine 11: 33-36), no. 18, p. 21

---

(11) Die volle Jeugsangbundel word nie gelys nie, maar slegs dié waaraan Malan 'n aandeel het.

DIE CHRISTUS HET DEUR SY EIE BLOED (Hebreërs 9: 12; 10: 19-22), no. 19, p. 22

MET DIE SKEMER DAAL DIE VREDE (Magaliesburgse aandlied), no. 20, p. 23

MY ENIGSTE TROOS (Heidelbergse Kategismus), no. 22, p. 26

U HET DIE BROOD GEBREEK (Johannes 6; Efesiërs 2: 10), no. 24, p. 30)

WEES GENADIG, HEER, no. 25, p. 31

ONS IS NIE DEUR GOUD OF SILWER (1 Petrus 1: 18-25), no. 26, p. 32

WANT SO LIEF HET GOD DIE WêRELD GEHAD (Johannes 3: 16), no. 28, p. 34

EK WAS EENSAAM EN VERLAAT, no. 29, p. 34

WEES STIL EN WEET: "EK IS DIE HEER" (Exodus 14: 14; Psalm 62; 2), no. 31, p. 37

U WOORD IS 'N LAMP (Psalm 119: 105-112), no. 33, p. 39

KEN HOM IN AL JOU WEë (Spreuke 3: 6), no. 34, p. 40

BLY VOLHARD SOOS ATLETE (Hebreërs 12: 1-3; Korinthiërs 9: 24-27), no. 35, p. 41

DOEN SLEGS U WIL, HEER, no. 36, p. 42

PRAAT EK MENSE, ENG'LETALE (1 Korinthiërs 13), no. 37, p. 43

GENADE, ONBESKRYFLIK GROOT (Lukas 15: 11-32), no. 38, p. 44

AAN ALMAL WAT HOM AANGENEEM HET (Johannes 1: 12-14), no. 39,

p. 45

EK WEET VERSEKER (Johannes 19: 25; 1 Johannes 1: 6-10; Mattheus 11: 30), no. 40 p. 46

ONS AANVAAR JOU MET DIE LIEFDE VAN ONS HEER, no. 41, p. 48

MAAK DIE HEILIGE GEES ONS ALMAL EEN (Efesiërs 4: 1-6), no. 42, p. 49

ONS IS ALMAL HIER TESAAM (Johannes 13: 24; 14: 9-17), no. 43, p. 50

ONS IS GENOOIDE GASTE, no. 44, p. 51

DIE EIS WAT JESUS STEL (Mattheus 16: 24-27), no. 45, p. 52

GOD VAN YSTER EN BETON, no. 46, p. 53

SOEK IN GOD JOU STERKTE (Efesiërs 6; 10-20), no. 47, p. 54

DUISENDE GETUIES (Openbaring 22: 12-21), no. 49, p. 58

AS EK SOEK, no. 51, p. 60

OP HIERDIE DAG (Sondaglied, Psalm 118: 24-27; Johannes 21; Handeling 2; Openbaring 1: 9-11), no. 52, p. 62

HY IS HEER! (Filipense 2: 8-11), no. 53, p. 64

HIERDIE HEILIGE NAG, no. 54, p. 66

HOOR DIE BLYE ENG'LE SING, no. 55, p. 68

SY NAAM IS WONDERBAAR (Jesaja 9: 5-6), no. 56, p. 70

VIR SPYS EN DRANK Sê ONS U DANK, no. 59, p. 72

LOF EN PRYS AAN GOD, DIE HEER, no. 67, p. 76

EK WIL DIE HERE LOOF (Psalm 138: 1, 3), no. 68, p. 77

LOOF DIE HEER, HY IS GOED (Psalm 103), no. 69, p. 78

LIEFDEVOLLE VADER (Genesis 1: 31; 6: 11, 12; Prediker 3: 10, 11), no. 70, p. 79

SPREEK HEER (1 Samuel 3: 10), no. 71, p. 80

EK MAAK MY OGIES TOE, no. 72, p. 81

JESUS, ONS Sê DANKIE, no. 73, p. 82

DANKIE, GOEIE HEER, no. 74, p. 82

VIR MY PAPPIE EN SY WERK, no. 75, p. 83

DANKIE, HEER, VIR WAT ONS EET, no. 76, p. 83

DANKIE, HEER, no. 77, p. 84

DUISEND DANKIES, no. 78, p. 85

JESUS NOOI DIE KINDERTJIES, no. 79, p. 86

DIE HERE VRA VIR PETRUS (Johannes 21: 17), no. 81, p. 88

TWEE OGIES OM GODS WERK TE SIEN, no. 82, p. 89

LAAT MY LIG SO SKYN, no. 83, p. 90

DAAR'S KINDERS IN DIE WêRELD, no. 84, p. 90

DIE OES IS GROOT EN DIE ARBEIDERS MIN, (Mattheus 9; 37, 38; Johannes 4: 35; 10:10, Luk 15: 10), no. 85, p. 91

O VADER, U SEUN IS GEKRUISIG, no. 86, p. 92

DIS WAAR DAT HY LEWE, no. 87, p. 93

KYK HY KOM WEER, no. 88, p. 94

AL WAS EK NIE DAAR NIE, no. 89, p. 95

SING LOF OP DIE AARDE, no. 90, p. 96

IN DIE STAD VAN KONING DAWID, no. 91, p. 97

GESKENKE MET KERSFEES, no. 92, p. 98

'N KINDJIE IS GEBORE, no. 93, p. 99

ONTHOU JUL NOG, no. 94, p. 100

KYK HOEDAT DIE VOëLTJIES VLIEG, no. 95, p. 101

DAAR'S VISSIES IN DIE WATER, no. 96, p. 102

VANDAG IS MY VERJAARDAG (Genesis 4: 7), no. 98, p. 104

DIE HEER GEE ONS 'N NUWEJAAR, no. 100, p. 106

2.2 Vokale sekulêre musiek

2.2.1 Operettes

LODILLA 'n kinderoperette vir laerskole. Libretto: Coenie en Anna Rudolph; musiek: Pierre Malan - Johannesburg: Voortrekkerpers, 1973

1. Woudkoor
2. Hekselied
3. Nagwind en Weerklank
4. Kabouterkoor

O VADER, U SEUN IS GEKRUISIG, no. 86, p. 92

DIS WAAR DAT HY LEWE, no. 87, p. 93

KYK HY KOM WEER, no. 88, p. 94

AL WAS EK NIE DAAR NIE, no. 89, p. 95

SING LOF OP DIE AARDE, no. 90, p. 96

IN DIE STAD VAN KONING DAWID, no. 91, p. 97

GESKENKE MET KERSFEES, no. 92, p. 98

'N KINDJIE IS GEBORE, no. 93, p. 99

ONTHOU JUL NOG, no. 94, p. 100

KYK HOEDAT DIE VOëLTJIES VLIEG, no. 95, p. 101

DAAR'S VISSIES IN DIE WATER, no. 96, p. 102

VANDAG IS MY VERJAARDAG (Genesis 4: 7), no. 98, p. 104

DIE HEER GEE ONS 'N NUWEJAAR, no. 100, p. 106

2.2 Vokale sekulêre musiek

2.2.1 Operettes

LODILLA 'n kinderoperette vir laerskole. Libretto: Coenie en Anna Rudolph; musiek: Pierre Malan - Johannesburg: Voortrekkerpers, 1973

1. Woudkoor
2. Hekselied
3. Nagwind en Weerklank
4. Kabouterkoor

5. Dis jy wat die Dou (Kaptein se Lied)
6. Kabouters se Oorlogslied
7. Hasies se Lied
8. As die Soel en Silwer Skeemring (Nagwind se Lied)
9. Dans van die Windekinders en Klaasvakie
10. Piekknieklied
11. Skeelman se Lied
12. Feëkoor
13. Kinderkoor: Ons het gedroom
14. Hekselied of Rabbedoekoor
15. Nagwind: Vroeg as die Son
16. Feëballet
17. Slotkoor

DIE GRENSPOS 'n Vollengte dramatiese spel, met musiek (aanvaar deur die Provinsiale Republiekfeeskomitee). Teks: Coenie Rudolph; Musiek: Pierre Malan - Johannesburg: Dalro, 1970

1. Voorspel
2. Jeuglied
3. Hoesê! Hoesê!
4. My Skip, My Meeu
5. Morelied
6. Treursang
7. Afskeid van die Plaas
8. Voortrekkerlied
9. Transvaalse Volkslied
10. Die Eeu is Snel
11. Jeuglied

MY SUIDERLAND[12] (My Southernland), 'n kinderoperette (aanvaar deur die Provinsiale Republiekfeeskomitee). Libretto: Anna en Coenie Rudolph; Musiek: Pierre Malan - Johannesburg: Dalro, 1970

---

(12) Van 'n Engelse teks voorsien deur Mervyn Woodrow en gepubliseer deur Dalro in 1970.

1. Voorspel
2. Suiderland
3. Jong Suid-Afrika
4. Hoe sal jy dit ooit vergeet
5. Matrooslied
6. Wolraad Woltemade
7. Seevinne Ballet
8. Voortrekkerlied
9. Sneeuvlokkies
10. Kleine Knapie
11. Racheltjie
12. Boeredans
13. Japie Greyling
14. Skenk vrede, Heer
15. Unie-lied
16. Seeballet
17. Al was sy ook Hardekoejawel
18. Ons Helde

PRYS VIR 'N MEISIE 'n Musiekblyspel in drie bedrywe. Libretto: Anna Rudolph; Musiek: Pierre Malan - Johannesburg: Dalro, 1971

1. Voorspel
2. Mooiburgsettees
3. Die Bulkampioen
4. Waar is die Boer?
5. Lied van die Boere
6. O Liefste Held
7. Elke pot het sy eie steel
8. My Plasie
9. Man teen Vrou
10. Wat maak 'n Man
11a. Kom Dans
11b. Kom Dans met My
12. Iets loop verkeerd
13. Bly kalm
14. Grappe

15. Lekker Koppie Koffie
16. Maak 'n Plan
17. Blommelied
18. Trou is nie Perdekoop
19. Ek voel Misrabel
20. Geheime
21. Kom ons soek
22. Die Bul kom terug
23. Jy sê ek kan jou beter leer ken
24. Speelman en Witlies
25. Slotkoor: Aan die Jeug

DIE PLAASSKOOL - Johannesburg: Dalro, 1972

1. Die Skoolklok
2. Die Karretjie
3. My Donkietjie
4. Die Vaal Paaie

SILWER SAMBREELTJIE[13] (Silver Umbrella) - Johannesburg: Dalro, 1970

1. Voorspel en Vleilied
2. Volksdanslied
3. Skedêdel en Skedieder
4. Hartediefliedjie
5. Boomlied
6. Rakkie Rissiepit
7. Blommelied
8. Waterfiskaal
9. Sambreeltjie Sambreel
10. O ek is die waterfiskaal
11. Bergman se huis
12. Sambreelliedjie
13. Kompleks en Kompla

---

(13) Van 'n Engelse teks voorsien deur Mervyn Woodrow en gepubliseer deur Dalro in 1970.

14. Vlei ballet
15. Lilia trou
16. Reënlied

BOOMVOLKIES (TPA) - Dalro (geen datum gegee nie)

1. Voorspel
2. Lied van die Boomvolkies
3. Boompie word boom
4. Tatterat
5. Die Grawerlied
6. Haas Kalbassie
7. Skrynwerkerslied
8. Ons Groen Erfenis
9. Nagmerrie en Storm
10. Laksman se dans
11. Groen word vaal
12. Wim se liefdeslied
13. Veldkosliedjie
14. Natuurbewaringslied
15. Tuinmaaklied
16. Nesmaakkoors
17. Hardloop Rooibok!
18. Lied van die Voëls

FREULE MARIKE. Libretto: C.J. Esterhuyze; Musiek: Pierre Malan; Liriek: C.J. Esterhuyze en Pierre Malan. Dalro

1. Voorspel
2. Menuet en Trio
3. Heil Suid-Afrika
4. Alle Voorspoed en Geluk
5. Die Wals
6. Sê Freule Marike
7. Stap nou, stap nou uit na buite
8. Ek is 'n arme Boerenooientjie
9. Kom laat ons tesame
10. Kinders se lied en dans

11. Ons is vrolik manne
12. Kleurryk is die land
13. Horrelpyp (Matrosedans)
14. Kom dan Dames
15. Kom laat ons glasies klink
16. Die Alabama
17. Spinlied
18. Ponielied
19. Die Nagtegaal
20. Liefste Nooientjie
21. O kon ek maar
22. Lentelied
23. Liefste, vrees nie
24. Walslied
25. Muitery
26. Welkomslied
27. Swerwerslied
28. Geluk liewe Nooientjie

RIDDERS VAN DIE SWARTWOUD

1. Eerste bedryf
1.1 Inleidingsmusiek
1.2 Rora die Rowerbende
1.3 Elegast! Musikant!
1.4 Vry soos die arend
1.5 Hela! Die lente roep!
1.5 My lokroep klink oor die vlakte
1.6 Boogdans
1.7 Skyn O son, laat neer jou goue straal!

2. Tweede bedryf
2.1 Jagterslied
2.2 Rosa kom na die dans toe
2.3 Ridderslied
2.4 Kwartet
2.5 O kon ek skou deur die newels
2.6 Rare Pêrels

2.7 Hier in Heimat

3. Derde bedryf
3.1 Wagte se lied
3.2 Kom van die plasie
3.3 Kleine viooltjie
3.4 Heil Carlo!

4. Vierde bedryf
4.1 Trio: Sagte windjie
4.2 Marslied
4.3 O Vaderland my tuiste
4.4 As jy my nie bemin

LEMOENTYD IS SOENTYD, Operette met Libretto deur Anna Rudolph ms oorspronklik/fotostaat

1. Eerste bedryf
1.1 Voorspel
1.2 Lemoentyd is soentyd
1.3 Koekoeroekraai die wêreld die draai
1.4 My land, my mense
1.5 My rugsak en my roer
1.6 Aandsinjaal

2. Tweede bedryf
2.1 Dit was 'n grap
2.2 Oranje is die kleur
2.3 Bloeisels
2.4 Dit is geen grap
2.5 Dit was 'n grap
2.6 Man en vrou
2.7 Kom beminde

3. Derde bedryf
3.1 As jy oud word
3.2 Oggendlied
3.3 Oorgang na "Bly Jonk"

3.4 Bly jonk
3.5 Miaau, Miaau, Miaau
3.6 Kom kyk my blomme
3.7 Lemoentyd is soentyd

Towenaar van Drakenstein ms nie beskikbaar.

2.2.2 Verwerkings in die FAK van 1979

Handhaaf en Bou, solo, nr. 11, p. 19

Die Son Verrys, driestemmig (SAB), nr. 60, p. 98

Met Dapper en Stapper, driestemmig (SAB), nr. 61, p. 100

My Nooi'ntjielief in die Moerbeiboom, solo, nr. 78, p. 126

Bolandse Nooi'ntjie, tweestemmig (SA), nr. 109, p. 176

Die Ontroue Sannie, tweestemmig (SA), nr. 110, p. 176

Suikerbossie, tweestemmmig (SA) of (TB), nr. 114, p. 188

My liewe Kokkenennetjie, tweestemmig (SA), nr. 115, p. 191

Die Vaste Band, tweestemmig (SA), nr. 117, p. 194

Marietjie, Maraia, Maryne, solo of driestemmig (SAB), nr. 119, p. 197

Mooie Meisies, Fraaie bloeme, driestemmig (SAB), nr. 123, p. 206

Hartediefliedjie (Kanon), nr. 130, p. 217

Laat my dit uitbasuin, vierstemmig (SATB)/(TTBB), nr. 132, p. 219 [14]

Tortelduifies, vierstemmig (SATB/SA), nr. 133, p. 220[15]

Leer om te Leer, vierstemmig (SATB), nr. 141, p. 231

Die Bittersoet Lied, tweestemmig (SA), nr. 157, p. 266

Kom Patertjie, solo, nr. 174, p. 292

Boemfaderalla, solo, nr. 175, p. 303

Hoe ry die Boere, solo, nr. 181, p. 303

Die Blink Vosperd, solo, nr. 184, p. 308

Vrolikheid, tweestemmig (SA), nr. 200, p. 331

Die Vaalhond, tweestemmig (SA), nr. 202, p. 333

Aanstap Rooies, tweestemmig (SA), nr. 203, p. 334

Ons is musikante, tweestemmig (SA) of (TB), nr. 208, p. 343

Afrikaners is Plesierig, driestemmig (SAB), nr. 209, p. 344

Die Vrolike Musikant, driestemmig (SAB), nr. 210, p. 346

Daar kom die wa, driestemmig (SAB), nr. 211, p. 348

Rokkies wou sy dra, vierstemmig (SAB), nr. 216, p. 358

Saai die Waatlemoen, driestemmig (SAB), nr. 227, p. 374

---

(14) Malan het dit ook verwerk vir mannekoor op versoek van dr. Pauw van die Durbanse Mannekoor.
(15) Hierdie lied is ook verwerk vir 'n dogterskoor (SA).

O, ek woon by my Pappa, driestemmig (SAB), nr. 227, p. 374

Perdjie, solo, nr. 290, p. 452

Feëlied, solo, nr. 292, p. 453

Die Geveerdes (Kanon), nr. 299, p. 460

Tula, Tula nou, solo, nr. 303, p. 468

Hoor die uile in die Laan, tweestemmig (SA), nr. 333, p. 536

2.2.3 Koorwerke

2.2.3.1 Verwerkings vir mannekoor

1. Tula Babani (Xosa Wiegelied) (TTBB)
2. Tula Babani (Xosa Lullaby)(T_1 T_2 T_3 B_1 B_1 B_2 B_2)
3. Seënbede (Numeri 6: 24, 25, 26) Spesiaal verwerk vir TTTBBB vir die Durbanse Mannekoor
4. Quodlibet. 'n Twakliedjie vir Mannekoor (TTBB)
5. Sakura - Cherry Blossoms (Japanese Folksong) for TTBB
6. Die Roos. Musiek: S. Le Roux Marais. Verwerking Pierre Malan. (Op versoek van die Durbanse Mannekoor)
7. Credo (Specially arranged for TTBB for the Durban Male Choir) (Sien ook p. 107)
8. Shalom Chavērim (Israeli)(TTBB)
9. Tsotsi-Boy vir TTBB (tradisionele Kleurlinglied)
10. Gee my 'n stoppie van jou twak (TTBB)
11. Laat my dit uitbasuin (TTBB)
12. Cecilia die Eseltjie (TTBB) (Nederlandse Kinderlied) Daar Kwam Eenen Boer van Zwitserland. Afrikaanse woorde en vertaling vir Mannekoor: Pierre Malan

2.2.3.2 Liedere en Verwerkings vir dogterskoor

1. Geseënde Maagd (Maria besoek Elisabet) (Luk. 1: 42-45)(SSA met klavierbegeleiding)

2. Ere aan God (SSAA met klavierbegeleiding)
3. Daar's 'n Roos in my Tuin. Melodie en teks in mate 32 tot 64 uit die volksmelodieë opgeteken deur Jo Fourie en beskikbaar gestel deur Cecile de Ridder (SSA) Julie 1983 (ook SATB)
4. Bantoe Wiegelied (Tula Kubandina) (SSAA) (ook SATB)
5. Gevoude Sambreeltjie (uit operette: Silwer Sambreeltjie)(SSA met klavier begeleiding) Libretto Coenie en Anna Rudolph
6. Nagtegaal jy vlieg na Frankryk (SSA)
7. Skapie, Skapie wei apart (SSA)
8. Studentetyd (SSA)
9. Vulletjie (SSA)(Woorde: Anna Rudolph)
10. Vat jou goed en trek (SSA)
11. Oestyd (SSA)
12. Aan die Meul (SSAA). Woorde: C.J. Esterhuyze
13. Nagtegaal (Altyd so skoon sing jy)(SSA)
14. Gloria in Exelsis Deo (SSAA) Woorde: C.J. Esterhuyze
15. Uthe Wena vir tweestemmige koor (SA)
16. **Aan die Wilgerboom** (Finse Volkswysie)(SAA)[16]
17. **Paul en die hen** (Deense Volkswysie)(SAA)
18. **Eens op 'n Fees** (Finse Volkswysie)(SSA)
19. **Vroeg een Môre** (Franse Volkswysie)(SSA)
20. **Liewe Duifie** (Spaanse Volkswysie)(SSA)

2.2.3.3 **Verwerkings** vir gemengde koor

1. My Suiderland (uit die operette: My Suiderland) (SATB) met klavier begeleiding)
2. Karoo, 'n Vokale toongedig (SSATBB) Opgedra aan Erns Conradie en die Vrystaatse Universiteitskoor. (Januarie 1981). (Sien ook p. 114)
3. Xosa Wiegelied (Tula Babani)(SATB)
4. Bantoe Wiegelied (Tula Kubandina)(SATB)
5. Koskook Liedjies (SATB)

---

(16) Nos. 16-20 verwerk en van Afrikaanse woorde voorsien.

6. Shalom Chavêrim (Israeli)(Totsiens my vriende - vrede gaan met julle)(SATB)
7. Die Heer se seën sal met hul gaan (Tradisioneel: Israeli)(SATB)
8. Sakura - Cherry blossoms (Japanese Folk Song)(SATB)
9. Tsotsi-Boy (Tradisioneel Kleurlingliedjie)(SATB)
10. Tsotsi-Boy vir driestemmige koor (SAB)
11. Tinktinkie (SATB) (Sien ook p. 124)
12. Die Blink Vosperd M. v. Niekerk (vers 1) Pierre Malan (vers 2 en 3)(SAB met klavierbegeleiding)
13. Die Roos (SATB). Woorde: A.G. Visser; verwerking: Pierre Malan; oorspronklike komposisie: S. le Roux Marais
14. Sotho-Reënlied (Mangwane M'pulele)(SATB)
15. **My Suiderland** uit die operette: My Suiderland, vir vierstemmige koor (SATB) met klavierbegeleiding. Woorde: Coenie Rudolph
16. **Hand vol vere en Alibama** vir vierstemmige koor (SATB). Tradisioneel: Kleurling. Verwerking: Pierre Malan
17. **Spiritus Naturae** vir vierstemmige koor (SATB). Woorde: Pierre Malan
18. **Cecilia die Esel** vir vierstemmige koor (SATB). Nederlandse Kinderlied: "Daar Kwam Eenen Boer". Verwerking: Pierre Malan
19. **Daar Kwam Eenen Boer** vir vierstemmige koor (SATB). Tradisioneel: Nederlands; Verwerking: Pierre Malan
20. **Kom laat ons glasies klink** vir vierstemmige koor (SATB) met klavier begeleiding. Uit die operette: "Freule Marike" deur Pierre Malan
21. **Jeuglied** vir vierstemmige koor (SATB). Uit die operette: "Grenspos". Woorde: Coenie Rudolph
22. **Lied van Hoop** vir driestemmige koor (SAB)
23. **My Sarie Marais** (Tradisioneel Suid-Afrikaans) vir vierstemmige koor (SATB) en ook as solo
24. **Wydingslied/Jeugweerbaarheidslied** vir gebruik deur primêre en sekondêre skole. Tweestemmige verwerking vir sekondêre skole (SA) met klavierbegeleiding. Driestemmige verwerking (SAB) vir sekondêre skole. Vierstemmige ver-

werking (SATB) vir sekondêre skole. Onbegeleid of met begeleiding soos vir driestemmige verwerking. Woorde: Coenie Rudolph; Engelse woorde: Mervyn Woodrow. In opdrag van die TOD vir Jeugweerbaarheidsjaar

25. **Hugenote-Danklied** (Junie 1987). In opdrag van die Nasionale Feeskomitee Hugenote 300. Woorde: Kerneels Esterhuyze. Musiek: Pierre Malan. Vir vierstemmige koor (SATB) en klavier met alternatiewe verwerkings vir drie- en tweestemmige kore (SAB en SA)

2.2.4 Sololiedere

PRETTY GIRLS, PRETTY FLOWERS, traditional, arranged by Pierre Malan (Uit lys van SAMRO - musiek nie beskikbaar)

Uit die hart van die Tienernooi vir sopraansolo. Woorde ook van Pierre Malan

2.2.5 Kantates

RONDO ALJANDER - Parow: Studio Holland, 1979. Geskryf in opdrag van die F.A.K. vir uitvoering by sy halfeeufees in Junie 1979 te Bloemfontein deur die Oos-Randse Jeugkoor onder leiding van Jean van der Berg. Woorde: Coenie Rudolph; Musiek: Pierre Malan

DIE AANSLAG, Vollengte kantate vir soliste en koor, voordraers en orkes. Deel I, II en III - In opdrag van die T.O.D. vir die Jeugweerbaarheidsjaar (1979), ms fotostaat. Woorde: Coenie Rudolph. Engelse woorde: Mervyn Woodrow

DEEL I (Uitgevoer deur Anton Hartman + SAUK orkes en gesamentlike TOD Jeugkore)

1. Geboorte en Voorstelling (Volle koor)
2. Onskuld se skuld (Koor)
3. Die trotse Moeder (Soliste)

DEEL II

4. Die Ou Profeet (Voordraer)
5. By die Slapende Kind (Koor en Soliste)
6. Die Ou Profeet se Verwyt (Voordraer)
7. Pa se Skuld (Volle koor)
8. Klein Paniek van die Stedeling (Voordraer)
9. Anargis (Voordraer)
10. Trenodie (Koor)
11. Laaste Wiegelied vir die Stille Dodes (Koor en Soliste)

DEEL III

12. Die Anargis en Haar Meelopers (Voordraer)
13. Pa en Ma se skuld (Koor)
14. Die Jong Prediker (Voordraer)
15. Anargis (Voordraer)
16. Die Opgehoopte Skuld (Koor)
17. Die Ou Profeet Bieg (Voordraer)
18. Anargis (Voordraer)
19. Die Prediker (Voordraer)
20. Die Gesneuweldes se Kamerade (Mannekoor)
21. Tienersus en Liefdeslied (Soliste)
22. Betaalde Skuld (Koor)
23. Die Jong Tegnoloë (Voordraer)
24. Die Bouers van Suid-Afrika (Koor)

DIE PLAASSKOOL, 'n Miniatuurkantate vir Laerskole. Musiek: Pierre Malan; Woorde: Coenie Rudolph - Johannesburg: Dalro, 1972

1. Die Skoolklok
2. Die Karretjie
3. My Donkietjie
4. Die Vaal Paaie

2.2.6 Werke vir die Kinderbevolking

Die reeks **Sing saam, Speel saam** no. I - IV, is in medewerking met Rykie Pienaar[17] gemaak. Hy het verder ook **Kleuterliedjies** die lig laat sien, en in wording is **Versieboek vir Kleuters.** **Sommer Liedjies** is 'n bundel van ± 15 liedjies wat bedoel is om deur kleuters gesing te word. Hulle is tweestemmig, in die styl van tweestemmige vindings. Twee enkelpartye word op die klavier gespeel sonder enige akkoorde. Die boonste party speel die wysie wat die kind moet sing, want Malan voel sterk daaroor dat 'n mens vir 'n kleuter nog sy werklike note moet saamspeel wat hy veronderstel is om te sing.

Dit is 'n baie sterk oortuiging van Malan dat hy nie sal neerdaal tot die swakste onderwyseres se klawerbordvaardigheid nie, daarom is baie van sy musiek vir die gewone onderwyseres baie moeilik speelbaar.

LANTERFANTERLIEDJIES - Johannesburg: Dalro, 1975

1. Dans vrolik
2. Wie sit die ui?
3. Platsak
4. Tokkelliedjie
5. In die blou dam
6. Ons tweetjies
7. Gee my raad
8. My liefie is 'n witkopnooi
9. Suikerklontjie
10. Poplap
11. Papegaai
12. Huistoe

---

(17) Dr. Rykie Pienaar is tans 'n Vise-Rektor aan die Goudstadse Onderwyskollege, waar sy voorheen Musiekdepartementshoof was.

SOMMER LIEDJIES - Pretoria: Bladmusiek, 1981

1. Die hartseer Uil
2. My Ponie
3. Sing Vinkie Sing
4. Duifie
5. Ou Tik-Tak-Tik
6. My Hondjie - My Maat
7. Padda
8. Slakkie
9. Sterretjie
10. Lelieblom
11. Aandkoor
12. Fietsry
13. Haas en Skilpad
14. Santjie sit en Wonder
15. My wekker

SING SAAM SPEEL SAAM[18+19] Boek I, II, III en IV - Kaapstad/Wetton/Wynberg/Johannesburg: Juta en Kie, Bpk., 1975, 1979 en 1984

Boek I

1. Tamboer en Trompet
2. Herderseun
3. Driewiel
4. Lekkergoed
5. Die Katjie en die Wol
6. Wielewaal
7. Rygoed
8. Hanslam
9. Rus
10. Alles het 'n Taak
11. Soldaatjies

---

(18) Woorde van die Liedere is gedigte van Malan wat getoonset is.
(19) In medewerking met Rykie Pienaar.

12. Tannie met die Lang Rok
13. In die Dieretuin
14. O Ek Wonder
15. Die Oom in die Boom
16. Liewe Hen
17. My Droom
18. Fiemies
19. Duifies
20. Poskoets

Boek II

1. Oom Visserman
2. 'n Speletjie
3. Die Groentetuin
4. Die Sirkusnar
5. Tafelmaniere
6. Hoe maak hul?
7. Boerekos
8. Die Driemanskap
9. Toutrekspan
10. Vliegtuig
11. Huis toe
12. Die Polka
13. Jan Plankies
14. Staplied
15. Poppe van Proppe
16. Boepensman
17. Tuinwerk
18. Die Haan en die Hen
19. My Kano
20. Die Toonleer
21. Lagliedjie
22. Dans van die Wind
23. Water Spat
24. Voertuie
25. Verkoue

Boek III

1. Kees op skool
2. Horlosieman
3. Speel op ons klavier
4. Alles wat blink is nie goud nie
5. Die Hamerslaner
6. Draai wieletjie
7. Verjaardagkoek
8. Die wildtuin
9. Somer
10. Die reis na Venus
11. Oom Jan se kitaar
12. Toktokkie
13. Die geveerdes
14. Tokkelliedjie
15. Viooltjies
16. Oestyd
17. Baas bo baas
18. Die verdwaalde
19. Fietsry
20. Die visvangs
21. Woer-woer
22. 'n Wysie op 'n fluit
23. Lekker ou skool
24. My trompet
25. Ipekonders

Boek IV

1. Ek hou van 'n liedjie
2. Die boeresettees
3. Jannetjie Bok
4a Ryperd
4b Daar kom die wa
5. Van pyne en suurknolle
6. Die kleure van ons land
7a Die tjello

7b Strykersduo
8. Paul en die hen
9. Die menuet
10. Meisiekind - seunskind
11. Die veldslag
12. Doringrosie
13. Die tango
14. Die deurmekaar wêreld
15. Stefaans en sy klarinet
16. Matrooslied (Horrelpyp)
17. Annekie
18. Die jagtog
19. Sirkelliedjie
20. Kindjie van Bethlehem
21. Nuwejaar
22. Koekoek

HAAS EN SKILPAD vir kleuters. Pretoria - Bladmusiek:[20]

ROOIKAPPIE 'n sangspel vir kleuters deur Rykie Pienaar en Pierre Malan

DIE SEISOENE 'n Kinderspel deur Ela Spence met musiek deur Pierre Malan - Johannesburg: Dalro, 1972

1. Voorspel
2. Koning en Koningin se Lied
3. Inkoms van Somergroep
4. Somerleidster en Somergroep: Solo en Koor
5. Blommeballet
6. Inkoms van Herfsgroep
7. Herfsleidster en Herfsgroep: Solo en Koor
8. Dans van die Herfsblare
9. Sneeuman
10. Skaatser en Dans en Koor van Wintergroep

---

(20) Musiek nie beskikbaar nie.

11. Leidster van Bloeisels
12. Dans van die Bloeisels
13. Bloeiselskoor: Lente, Lente!
14. Koningin en Koning
15. Afskeidslied

2.2.7 Skoolliedere

Hoërskool Secunda Skoollied. Melodie en klavier begeleiding. Woorde en musiek: Pierre Malan, (Allegro), ms

Alma Mater (vir klavier), Opgeskryf deur Valerie Arnold, ms

Egerton Juniorskool Skoollied. Melodie en klavier begeleiding. Woorde: Ethel I. Fobian (Tempo di marcia), ms

Hoërskool Overvaal Skoollied. Melodie en klavier begeleiding. Woorde en musiek: Pierre Malan. (Allegro)(Oktober 1982) ms

Hoërskool Edenvale Skoollied. Woorde: Mej. G.A.S. van Vuuren wat in 1960 onderwyseres was aan diê skool, ms

Hoërskool Nylstroom Skoollied. (Vivace), ms

Monument Hoërskool Skoollied. Woorde: J.C. Mentz (1951). Musiek: Pierre Malan (1962), ms

Hoërskool Staatspresident C.R. Swart Skoollied. Woorde: C.S. van H. Burger, ms

Delmas Hoërskool Skoollied. Woorde: Coenie Rudolph, ms

Klerksdorpse Sekondêre Skool Skoollied. Woorde: C.J. Esterhuyze, ms

2.2.8 Ander Liedere vir kinders

VYF LIMERICKS - Johannesburg: Dalro, 1975

1. Kaapse Oudjie
2. Toktokkie
3. Oom Lasie
4. Jan Skaap
5. Jan Jagter

VOLKSMELODIEë UIT EUROPESE LANDE[21] - Johannesburg: Dalro, 1975

1. Die fraaie liedjie
2. Ek woon by my pappa
3. Nagtegaal
4. Magriete my beminde
5. Vroeg een môre
6. Die serenade
7. Bolandplasie
8. Liewe duifie
9. Langs die fonteintjie
10. Spinlied
11. Walslied
12. Lentetyd
13. Die voëltjies se huwelik
14. Heuningvoëltjie
15. Aan die duifie
16. Die lewensloop
17. Rosalie en haar moeder
18. Paul en die hen
19. Aan die wilgerboom
20. Op die fees
21. Ralialei
22. Klein ponie
23. Die byenes

---

(21) Woorde deur Malan in Afrikaans vertaal.

24. Groene wingerd
25. Danslied

2.3 Instrumentale Musiek

2.3.1 Klavierstukke gegradeer volgens Unisa, maar nie in Unisa-bundels opgeneem nie

KLAVIERSTUKKE Voor-Gr. I tot Gr. 6 van Unisa[22]

1. Klein Wals /Little Waltz, (Moderato) Des. 1982
2. Roeibootjie/Rowing Boat, (Allegro) Des. 1982
3. Sononder/Sunset (Adagio), Des. 1982
4. Berceuse (Tranquillo) ms fotostaat
5. Da Capo Melodie/Melody (Allegro)
6. Vinnige Mars/Quick March (Allegro molto) Des. 1982
7. Mooie Meisies, Fraaie Bloeme
8. Tafeltennis/Ping Pong (Andante)
9. Aeoliese Melodie/Aeolian Melody (Moderato) ms fotostaat
10. Suid-Afrikaanse Volkswysie "Solank as die Rietjie in die water staan, Blommetjie gedenk aan my" (Moderato) ms fotostaat, Des. 1982
11. Suid-Afrikaanse Volkswysie "Daar kom Tant Alie" (Allegro vivace) ms fotostaat
12. Hoppende Bal/Hopping Ball (Allegretto)
13. Woelwater/Flibbertygibbet, (Allegro Molto) ms fotostaat Des. 1982
14. Studie in Legato/Study in Legato
15. Klein Polka/Little Polka (Allegro Vivace) ms fotostaat
16. Doriese Dans/Dorian Dance (Allegro Vivace) Des. 1982
17. Tweestemmige Studie/Two Part Study (Moderato), Okt. 1976[23]
18. Studie in D Mineur (Andante)[23]

---

(22) Waar datums nie gegee word nie, weet Malan nie meer wat die datums is nie.
(23) (17) en (18) In doelbewuste Barokstyl gekomponeer (Mondelinge inligting van Malan).

19. Studie in D Majeur/Study in D Maj (Allegro Vivace) Okt. 1976[24]
20. Romanze (Andantino) Okt. 1976
21. Studie/Study, Cantabile
22. Geveerde Vriende (klavier duet)

2.3.2 Klavierstukke in die 1979-83 bundels van UNISA

GRAAD I

1. Mooie meisies, fraaie bloeme

GRAAD II

1. Do gaan kuier/Doeh goes on visit
2. Kanon/Canon (Moderato) ms fotostaat

GRAAD III

1. Pentatoniese lied/Pentatonic Song

GRAAD IV

1. Studie in legatospel/Study in legato-playing (F Maj)

GRAAD V

1. Studie/Study (A Min)
2. Ostinato

GRAAD VI

1. Studie/Study (F maj)
2. Pavane

---

(24) In doelbewuste Czerny styl gekomponeer (Mondelinge inligting van Malan).

2.3.3 Snelstudies vir TOD- en GMR-eksamens[25]

Stukke met titels

Flibbertigibbitty. Trumpet, vir trompet HG met klavierbegeleiding, ms fotostaat

Duplex Melodie, vir Tuba HG met klavierbegeleiding, ms fotostaat

Romanze vir klavier (1976), ms fotostaat

Studie vir klavier (1976), ms fotostaat

Stukke sonder titels

Komposisies vir:

1. Kitaar HG (Moderato), ms fotostaat.
2. Klawesimbel Praktiese Musiek (Moderato), ms fotostaat.
3. Bariton HG, ms fotostaat.
4. Klarinet HG (Tempo Commoda), ms fotostaat.
5. Sopraan HG (Eksaminator dui klinkers aan, a, u, ô - ensovoorts vir verskillende seksies. Kandidaat besluit self oor frasering, legato, non-legato en dinamiek), ms fotostaat.
6. Bariton Praktiese Musiek (a, oe, ô), ms fotostaat.
7. Harp Praktiese Musiek (Moderato), ms fotostaat.
8. Kitaar SG (Andante), ms fotostaat.
9. Kitaar Praktiese Musiek: Studie (Allegretto), ms fotostaat.
10. Tromboon Praktiese Musiek: Studie (Moderato), ms fotostaat
11. Euphonium (Praktiese Musiek).
12. Trompet Praktiese Musiek: Studie (Allegro).

---

(25) Volgens Malan om en by 1985 geskryf. Ongepubliseerd en slegs as fotostate van manuskripte gesien.

13. Klarinet HG: Studie (Moderato), ms fotostaat.

2.3.4 Bladlees vir Unisa-eksamens[26]

1. Fluit Gr. 5. Begeleid (Allegretto), ms fotostaat.
2. Fluit Gr. 6. Begeleid (Allegretto), ms fotostaat.
3. Fluit Gr. 6. Onbegeleid (Andante grazioso). ms fotostaat.
4. Franse Horing in F. Gr. 7. Begeleid (Giocoso), ms fotostaat.
5. Franse Horing in F. Gr. 7. Onbegeleid (Vivace), ms fotostaat.
6. Fagot Gr. 6. Onbegeleid. (Tranquillo), ms fotostaat.
7. Kitaar Gr. 1. Onbegeleid (Andante), ms fotostaat.
8. Kitaar Gr. 2. Onbegeleid (Energico), ms fotostaat.
9. Kitaar Gr. 3. Onbegeleid (Adagio), ms fotostaat.
10. Kitaar Gr. 4. Onbegeleid (Allegretto), ms fotostaat.
11. Trompet Gr. 1 (ook Kornet) Begeleid (Andantino). (Kornet), ms fotostaat.
12. Trompet (ook Kornet) Gr. 1. Onbegeleid (Andante), ms fotostaat.
13. Trompet (ook Kornet) Gr. 2. Begeleid (Alla marcia), ms fotostaat.
14. Trompet (ook Kornet) Gr. 2. Onbegeleid (Grazioso), ms fotostaat.
15. Trompet (ook Kornet) Gr. 3. Begeleid (Andante), ms fotostaat.
16. Trompet (ook Kornet) Gr. 3. Onbegeleid (Vivaca), ms fotostaat.
17. Trompet (ook Kornet) Gr. 4. Begeleid (Giocoso), ms fotostaat.
18. Trompet (ook Kornet) Gr. 4. Begeleid (B^b Trompet), ms fotostaat.

---

(26) Volgens Malan om en by 1985 geskryf. Ongepubliseerd en slegs as fotostate van manuskripte gesien. Vir alle Blaas- en Strykinstrumente is daar 'n begeleide en onbegeleide toets geskryf, soos die behoefte ontstaan het.

19. Trompet (ook Kornet) Gr. 4. Onbegeleid (Energico), ms fotostaat.
20. Altviool Gr. 3. Begeleid (Tempo Commoda), ms fotostaat.
21. Altviool Gr. 3. Onbegeleid (Moderato), ms fotostaat.
22. Altviool Gr. 4. Begeleid (Tranquillo), ms fotostaat.
23. Altviool Gr. 4. Onbegeleid (Andante), ms fotostaat.
24. Altviool Gr. 5. Begeleid (Allegro), ms fotostaat.
25. Altblokfluit Gr. 8. Begeleid (Vivace), ms fotostaat.
26. Altblokfluit Gr. 7. Begeleid (Julie 1985) Schwegelpfeif (Vivace), ms fotostaat.
27. Sopraanblokfluit "**Caelia**" (Julie 1985) (Moderato), ms fotostaat.
28. Sopraanblokfluit "**Cellarius**" (Julie 1985 (Assez vite), ms fotostaat.
29. Altblokfluit "**AB Aoelis**" (Julie 1985) (Andante), ms fotostaat.
30. Sopraanblokfluit Gr. 1. Onbegeleid No. 1 en 2, ms fotostaat.
31. Sopraanblokfluit Voor-gr. 1. Onbegeleid No. 1, 2 en 3, ms fotostaat.
32. Altblokfluit Gr. 2. Onbegeleid no. 1 Moderato. No. 2 Allegretto, ms fotostaat.
33. Sopraanblokfluit Gr. 3. Onbegeleid. No. 1 Tempo di valse. No. 2 Tempo commoco,. ms fotostaat.
34. Sopraanblokfluit Gr. 3. "**Yazilikaya**" met klavierbegeleiding (Junie 1985)(Moderato) ms fotostaat.
35. Eufonium Gr. 4. Begeleid (Andante), ms fotostaat.
36. Eufonium Gr. 4. Onbegeleid (Giocoso), ms fotostaat.
37. Franse Horing Gr. 3. Begeleid (Andante), ms fotostaat.
38. Franse Horing Gr. 3. Onbegeleid (Vivace), ms fotostaat.
39. Franse Horing Gr. 6. Begeleid (Allegro vivace), ms fotostaat.
40. Franse Horing Gr. 6. Onbegeleid (Vivace), ms fotostaat.
41. Franse Horing Gr. 5. Begeleiding (Andante), ms fotostaat.
42. Franse Horing Gr. 5. Onbegeleid (Stadig - Slow) ms fotostaat.
43. Kontrabas **Melodie Da Capo**, ms fotostaat.

2.3.5 Gehoortoetse vir eksamens van die TOD

Volgens par. 1.4 van die standerd 10-sillabus, bestaande uit toetse in bladsang, diktee, intervalle, drieklanke, kadense, tweestemmige passasies en ritme en tydmaat (om begryplike redes nie ter insae nie).

2.3.6 TV-Drama

Malan het die bykomstige musiek vir die TV-drama **Piet my vrou** vir Sonneblomfilms geskryf. Dit was die eerste keer dat hy sulke bykomende musiek vir die medium van Televisie geskryf het. In die storie kom 'n klavierduet voor wat die karakter weerspieël van die Piet-my-vrou se roep. Malan het toestemming gekry om die duet uit te haal as 'n los klavierduet, en aan Unisa gegee ter oorweging vir insluiting in die boek vir Klaviereksamen duette wat nog uitgegee moet word.

2.4 Komposisies wat Malan as sy beste musiek beskou[27]

SEWE SUSTERS: sewe karaktersketse vir hobo en klavier, gebaseer op die sewe modusse; Dories, Frigies, Lidies, Mixolidies, Aollies, Lokries en Ionies. Spesiaal geskryf vir Kobus vir sy uitvoering ter vervulling van die vereiste vir die graad B. Mus. Oktober 1978, ms, fotostaat.

KAROO 'n Vokale toongedig vir sesstemmige koor (SSATBB). Opgedra aan Erns Conradie en die Vrystaatse Universiteitskoor. Januarie 1981, ms, fotostaat.

HATOODOOT (Die Dankliedere/Belydenisse/Lofliedere). 'n Belydenis vir sopraan, tenoor en koor, met orrelbegeleiding vir die 25ste verjaardagviering van die N.G. Gemeente Meyerspark. Eerste uitvoering 20 Mei 1984 in die N.G. Kerk, Meyerspark. Jan-Apr. 1984, ms, fotostaat.

---

(27) Die titels word hier gegee presies soos hulle op die voorblaaie van die komposisies verskyn.

1. Shighajoon (Klaaglied) (Koor) Ps. 7: 2; Ps. 54: 3, 4; Ps. 55: 2, 17; Ps. 7: 7, 10.
2. Sjier Hamma'aloot (Die Lied van die Pelgrims) (Sopraan en koor). Ps. 130.
3. Asjeree (Welgeluksaligheid) (Koor) Open. 14: 13; Open. 16:5.
4. Shimee Gaja (Lewende water)(Tenoor en sopraan) Open. 21: 6; Open. 22: 13.
5. Halleel (Hallal)/(Loflied)(Koor). Ps. 103: 1-6, 7; Ps. 148: 1-6; Ps. 148: 8-10, 12-13.

CREDO vir SATB, ms fotostaat.
Credo (Afr.) SATB - Formulier
Credo (Eng.) TTBB - Formulier

TINKTINKIE 'n Minneliedjie vir gemengde koor (SSATB). ms fotostaat.

VOX PROPHETAE agt toonsettings van goue woorde uit Jesaja vir gemengde koor (SATB), ms fotostaat.

1. Kom almal wat dors is (Jes. 55:1).
2. 'n Nuwe Hemel en 'n nuwe aarde (Jes. 65: 17, 18)
3. Vra na die wil van die Here (Jes. 55: 6)
4. God is my Redder (Jes. 12: 2)
5. Wie sal ons glo (Jes. 53: 1-5)
6. Wees ons genadig, Heer (Jes. 33: 2)
7. Jy, volk in Sion (Jes. 30: 19)
8. Hoe wonderlik klink op die berge (Jes. 52: 7)

PSALM 128 - GESANG 147 vir vierstemmige koor (SATB) of driestemmige koor (SAB), gemeente en orrel. Melchior Teschner 1613. Verwerk deur Pierre Malan, ms fotostaat.

GEVOUDE SAMBREELTJIE uit die operette: Silwer Sambreeltjie. Libretto: Coenie en Anna Rudolph; Musiek Pierre Malan. Verwerk vir driestemmige koor (SSA), ms fotostaat. (Sien ook p. 160).

3. MALAN SE IDEES

3.1 OOR MUSIKALE STYL

Malan het nog altyd, met enkele uitsonderings, vir 'n spesifieke behoefte geskryf. Al werke wat hy nie vir 'n spesifieke behoefte geskryf het nie, was die koorstukke **Credo, Karoo** en 'n paar van sy Psalm-toonsettings. Eersgenoemde twee komposisies sonder hy uit as van sy beste werke en sê hy dat dit is hoe hy graag komponeer. **Karoo** beskou hy as 'n sprekende uiting van die diepste gevoelens in hom.

Wanneer hy vir 'n sekere ouderdomsgroep skryf, neem hy die tegniese vaardighede en vermoë van die groep in ag. Baie van hierdie musiek is ook gebaseer op Volksmusiek.

In sy begeleidingstyl het hy 'n groot voorliefde vir imitasie. Die begeleidings laat hy dan ook nie daal tot die vlak waar die swak pianis dit maklik kan behartig nie, maar skryf sy begeleidings ingewikkeld en op 'n hoë tegniese vlak.

Vir Malan is dit baie belangrik dat die harmonie en die melodie aanvaarbaar moet wees vir die deursnee oor. Hy "stel nie belang in Avant Garde-eksperimente nie", want hy voel dat hyself nog nie ryp is daarvoor nie. Met die genoemde uitsonderings was sy komposisies almal geleentheidswerke vir 'n spesifieke groep uitvoerders.

Toe hy begin musiek skryf het, was die behoefte onder Afrikaanssprekendes sterk ten opsigte van skooloperettes, veral aan die kleinere en middelbare skole. Daardie seksie van ons skoolbevolking het niks eie gehad om uit te voer nie.

Omdat hy sy lewe deur in die onderwys gestaan het, het hy gevoel dis sy plig om iets vir daardie kinders te skryf. Daarom het hy hom gerig tot veral die skoolbevolking en ook die kerkkoor. Hy beskou homself as 'n onderwysman wat hom doelbewus tot die kind gerig het.

3.2 OOR KERKMUSIEK

3.2.1 Inleiding

Malan is gesteld daarop om as 'n kerkvaste Christen beskou te word. Dit blyk ook duidelik uit gesprekke met hom dat hy groot deernis vir sy medemens het, en dat hy opreg belangstel in hulle wel en wee. Hieruit groei sy persoonlike benadering tot twee van die aktuele vraagstukke in ons N.G. Kerkmusiek, naamlik die wens dat die oorspronklike Geneefse melodieë in ere herstel moet word en dat enige musiek met wêreldse assosiasies (soos die troumars) uit die kerk geweer sal word.

As kerkman en as musikus, is die musiek in 'n erediens vir hom van besondere belang. In hierdie verband verwys hy na die baie plekke in die Bybel waar die opdrag gegee word dat die mens die Here sal vereer deur die lied en na die menigte instrumente wat in die Bybel vermeld word. Hierdie verwysings wil hy baie letterlik interpreteer en vir hom is sang, en dan vanselfsprekend veral kerksang, dus iets wat die Here spesiaal vir die mens gegee het om Hom mee te vereer.

3.2.2 Gemeentesang

Die begeerte onder sommige toonaangewende kerkmusici om waar moontlik die oorspronklike Geneefse melodieë in Afrikaanse eredienste te laat sing, beskou Malan as iets wat uit musikale purisme spruit. Voorheen was hy self ook puristies ingestel teenoor die kerkmusiek van die N.G. Kerk, waaraan hy behoort, en het hy purisme gepropageer in 'n poging om gemeentelede tot dieselfde siening oor te haal. Sy argument was dat die kerklied die grondslag moet vorm van alle musiek in die N.G. Kerk, en daarom absoluut suiwer liturgies moet wees.

Oor die afgelope jare het hy egter tot nuwe insigte gekom. Hy het naamlik spesiaal moeite gedoen om die reaksie van gemeentelede op die Geneefse melodieë te evalueer. Hulle was oor die algemeen verfynde en soms hoog geleerde kultuurmense, wat

egter nie spesifiek in musiek opleiding gehad het nie. Hulle is ongetwyfeld gelowige Christene, maar voel dat hulle nie die Here se lof kan besing met melodieë wat vir hulle onverstaanbaar is nie. Dit lê daaraan dat hulle moeilik aansluiting vind by 'n melodie wat in die mineurtoonsoort is, en hierdie ontuisheid vererger nog veel meer by melodieë wat nie in toonsoorte is nie, maar in modusse. Hierteenoor kan hulle met groot oorgawe en piëteit die Here dien met ander melodieë wat vir die musikale puris as onaanvaarbaar voorkom.

Malan moes dus insien dat sommige melodieë slegs vir opgeleide musici as geskikte kerkmelodieë kan geld, terwyl hulle vir musikale leke van geen betekenis kan wees nie. Sêlf sou hy die Geneefse melodieë van harte verwelkom wat sy eie aanbidding betref; van sy vriende wat nie opgelei is in musiek nie, kan hy egter nie verwag dat hulle dit ook so moet ervaar nie. En hy voel sterk dat hy geen reg het om die aanvaarding van enige musiek op ander gelowiges, watter melodieë hulle ook al mag verkies om te sing, af te dwing nie. Dit is 'n oortuiging van hom dat enige melodie, wat met 'n opregte hart gesing word, vir die Here sonder meer aanvaarbaar sal wees.

Hy het 'n groot voorliefde vir die kerkkoor en 'n geweldige liefde vir kerksang en ook vir die "baie ernstige" Geneefse kerkmelodieë. Vir hom beteken dit geweldig baie. Sy filosofie is egter dat diê melodieë nie in 'n Gesange-boek opgeneem moes word nie, maar dat die Gesangboek moet saamhang met die Volksidioom, want tans is die Geneefse melodieë te vreemd in die volksmond.

3.2.3 Die Koraalboeke

Malan se bogenoemde nuwe insig noop hom om te voel dat die 1936-Koraalboek oor die algemeen voldoen aan sy vereistes vir goeie kerkmelodieë en -harmonisasies, met ander woorde, dat die meeste musiek in daardie uitgawe goed geskik is vir gemeentesang. Daarteenoor voel hy dat sommige melodieë in die 1978-Koraalboek, veral die Psalms met Geneefse melodieë en

modale harmonieë, vir 'n groot getal gemeentelede ontoeganklik is en dus nie geskik is vir liturgiese gebruik nie.[1]

Daar is uitsonderlike gevalle waarin mineurmelodieë wel aanvaarbaar is vir gemeentesang, byvoorbeeld **Na bange tyd van somerdroogte** (Psalm 65), **Wie maar op God wil werp sy sorge** (vroeër Gesang 17, tans Gesang 39), en **Wil Heer in mededoë** (vroeër Gesang 26, tans Gesang 56). Hy weet egter nie van modale melodieë wat met oorgawe gesing word nie: indien daar sulkes is, is hulle getal minimaal.

Die gevolgtrekking waartoe hy nou gekom het in verband met kerkmusiek, is dat 'n mens in Kerkmusiek moet streef na 'n ooreenkoms met volksmusiek. Hiermee bedoel hy nie dat volksmelodieë as sodanig in die kerk gebruik moet word nie, maar dat die idioom van kerkmusiek, dit wil sê die intervalstruktuur en harmoniese gesteldheid, dieselfde karakter moet besit as die volksidioom. Dan sal mense die Here kan loof in 'n musikale idioom wat vir hulle natuurlik en vanselfsprekend is.

3.2.4 Die Jeugsangbundel

Dit was vir Malan vanselfsprekend om in te stem om die begeleidings vir die nuwe Jeugsangbundel te skryf. Hy het die klavierverwerkings daarvan gedoen, nie omdat die melodieë hoegenaamd aanvaarbaar was uit 'n puristiese oogpunt nie, maar omdat hy, vanweë sy "nuwe insigte" gevoel het dat hy vir die jongmense iets moes gee en nalaat.

Nog 'n groot oorweging was die feit dat N.G. Kerke nie meer met oorgawe sing nie - sang in kerke word al swakker - weens die feit dat die gemeentelede teësinnig geraak het om die "onverstaanbare" liedere te sing. Malan het gevoel dat hy met die Jeugsangbundel iets aan hierdie stand van sake kon doen.

---

(1) Mondelinge gesprek met Malan in 1986.

3.2.5 Die plek van musiek in die kerk

Wat die plek van musiek in die N.G. Kerk betref, is Malan vas oortuig daarvan dat ons te min sing. Vroeër was daar 'n introïtus-lied voor die diens, maar dit is nou weggeneem. Hy sou graag wou sien dat ons dié lied weer terugbring in die erediens - al word daar elke Sondag 'n ander introïtus-lied gesing. Hy sou ook daarvan hou dat die gemeente opstaan en sing terwyl die kerkraad instap.

In die verlede was daar verder drie maal geleentheid om gedurende die erediens te sing, maar nou is dit verminder tot slegs twee maal. Malan voel dat ons die opdrag wat in Psalms en Galasiërs opgeteken staan, nie nakom nie, naamlik: "Sing, sing tot eer van die Heer".

Hy voel ook dat die Gesangverse nà die Wet en Geloofsbelydenis meer gevarieër kan word, aangesien die spektrum om van te kies so groot is.

3.2.6 Predikante van die Afrikaanse kerke

Die opleiding van predikante in musikale aspekte laat, volgens Malan, veel te wense oor. Predikante weet, met enkele uitsonderings, veels te min van kerkmusiek, omdat dit hoegenaamd glad nie, of dan net as 'n "afskeepvakkie" opgeneem is in hulle opleiding.

Hoeveel predikante weet byvoorbeeld dat Psalm 74 en Psalm 116 dieselfde melodie het, maar dat die een miksolidies en die ander in die majeur geharmoniseer is?

3.2.7 Die rol van die kerkkoor

Malan voel dat die kerkkoor binne die Liturgie nie tot sy reg kom nie. Die kerkkoor het oor die algemeen twee belangrike funksies:

Eerstens, om gewone gemeentesang te stimuleer deur die leiding te neem en as leiers op te tree (Malan beweer dat in die kerk waar hy as orrelis optree, daar 'n merkbare verskil in die gehalte van gemeentesang intree diê Sondae wanneer die kerkkoor sing. Die gemeente voel aan dat daar leiers is).

Tweedens, om kerkmusiek wat nie noodwendig 'n Psalm of Gesang is nie, lewend te hou, bekend te stel en bekend te hou (Dit hoef nie noodwendig tydens die erediens te wees nie, maar kan voor die diens, daarna of by 'n spesiale geleentheid wees. Volgens hom is daar 'n menigte kerkmusiekwerke en werke van jong Suid-Afrikaanse komponiste wat nooit uitgevoer word nie).

Hy sê verder dat dit beweer word dat die koor die sang moet lei en nie daar is om items te lewer nie. Malan voel dienoor-eenkomstig, maar hy meen verder dat die koor daar moet wees om kerkmusiek aan die gemeente bekend te stel en dit lewend te hou. Kerkmusiek van byvoorbeeld vóór Bach se tyd tot diê wat tans geskryf word.

3.2.8 Die orrel en die rol van orrelspel

Wat die orrel betref, is dit vir Malan baie jammer dat improvisasie 'n sterwende kuns geword het en dat die kuns om 'n besyferde bas te speel reeds nie meer bestaan nie. Vandag moet alle musiek uitgeskryf word, anders kan die orrelis(te) dit nie speel nie.

Die orrelspel gedurende kollekte moet, waar enigsins moontlik, verband hou met die Psalm of Gesang wat gaan volg. Dit moet die stemming skep en dien as voorbereiding. Elke orrelis behoort 'n voorraad van geskikte bladmusiek vir daardie doel byderhand te hê. Dit is te sê as die orrelis nie kan improviseer op die Gesang- of Psalm-wysie wat gaan volg nie. Malan is van mening dat daar in die Afrikaanse musiekliteratuur hopeloos te min van bogenoemde musiek is.

Hy voel ook sterk daaroor dat orrelspel in die kerk nooit hard

en luidrugtig moet wees nie, tensy 'n baie groot gemeente begelei word. Die laaste orrelspel - dit is wanneer die gemeente uitstap - moet ook verband hou met die laaste Psalm of Gesang wat gesing is. Die musiek moet altyd stigtelik en nooit steurend wees nie.

Die orrelis moet die feit in ag neem dat die gemeente wat hy dien, nie net uit opgeleide musici en ontwikkelde ore bestaan nie. Naas sy opvoedingstaak is hy dus ook verplig om vir diē mense iets te gee wat hulle musikale ervaring kan dra; wat plek het in hulle musikale verwysingsraamwerk en wat hulle kan verstaan.

3.2.9 Literatuur vir die orrel

Daar bestaan vier gepubliseerde bundels van versamelings van Koraalvoorspele,[2] maar volgens Malan is daar baie min orreliste wat bogenoemde bemeester het en dit kan speel. Daar is 'n dringende behoefte aan partiture vir gemiddelde en onder-gemiddelde orreliste. Hy self wil nog Koraalvoorspele skryf wat swak opgeleide orreliste sal kan speel, want onder-gemiddelde of onder-ontwikkelde orreliste val andersins terug op swak en sentimentele musiek omdat hulle niks anders kan behartig nie.

3.2.10 Twee harmonisasies vir een melodie

Daar is talle voorbeelde in ons Koraalboek van melodieë wat verskillend geharmoniseer is. Die tweede harmonisasie is gewoonlik deur die Hervormde Kerk en val lekkerder op die oor van die gemeente, terwyl die eerste een gewoonlik kerktona-

---

(2) Vermoedelik verwys hy na Liturgiese Orrelmusiek Band I-IV

dies[3] baie suiwer is. Hy self kies die meer kerktonadiese harmonisasie, asook dié met die mediant-drieklanke en die super-tonika wat nié die verhoogde vierde bevat nie: die suiwerheid wat dit aan die harmonie gee, doen iets aan sy siel en gemoed. Vir die gewone leek sou hy egter die Hervormde Kerk se harmonisasie verkies. Dit is nie noodwendig die beste nie, maar dit is nader aan die volksidioom, omdat daar meer tussen-dominante in die harmonie voorkom. Malan het dus as orrelis nooit die tweede harmonisasie (dié van die Hervormde Kerk) heeltemal weg gehou van die gemeente nie.

3.2.11 Musiek wat geskik is vir 'n erediens

Ten slotte kan dit so saamgevat word dat Malan persoonlik ten gunste daarvan is dat slegs 'n kerktonadiese struktuur en harmonisasie in die kerk toegelaat behoort te word. Hy misgun die musikaal-onopgeleide gemeentelede egter nie hulle voorkeure nie omdat dit die kern van sy opvatting is dat elke mens die reg het om volgens sy eie graad van ontwikkeling en sy eie musikale voorkeur te aanbid.

---

(3) Kerktonadies is 'n woord wat deur Malan self geskep is om die presiese idee van "suiwer" kerkmusiek weer te gee. Hy sou graag dat die woord aanklank vind by die opgeleide musikale oor en 'n erkende term in die vak-taal van musiek word.

Kerktonadiese eienskappe kan kortliks gesien word as:
- Hoofsaaklik primêre en sekondêre drieklanke net in die grondposisie en eerste omkering.
- Byna nooit in tweede omkering nie en die
- seldsame gebruik van dominantvierklanke.

Nie-kerktonadiese eienskappe behels die volgende:
- Dominantvierklanke en ook vyfklanke
- Primêre en ook sekondêre vierklanke
- Verminderde vierklanke
- Tussendominante

3.3 Oor die toonsetting van woorde

Malan het altyd moeite gedoen om doelbewus die teks in ag te neem: as dit opgewekte woorde was, het hy die melodie en musiek opgewek probeer hou, en as dit treurige woorde was, andersom. Sy standpunt is dat die woorde by die musiek moet pas. Hy voel persoonlik dat, as dit kom by teks en musiek, hy meer aanklank vind by ernstige woorde en minder by ligte woorde, waarvoor enige wysie gebruik kan word. Oor die waarde van poësie spreek hy hom glad nie uit nie, omdat dit buite sy genre val, en hy dit nog nooit probeer toonset het nie. (Dit is nou gedigte van byvoorbeeld N.P. van Wyk Louw, Boerneef, ensovoorts.) Hy beskou homself as onderwysman en sy werk is vir kinders en kerkkore (vanuit sy funksies as onderwysman en orrelis). As kerkorrelis is hy gereed om hom uit te spreek oor godsdienstige temas soos die verskillende maniere waarop 'n bedevaartslied getoonset kan word, of die verskillende aspekte van 'n loflied. Hy noem verder dat Psalms 130-133 hulself tot baie ritmiese en klankryke en opwindende melodieë leen, en terselfdertyd tot groot opgewektheid waarin erns en opwinding vermeng is (byvoorbeeld sy toonsetting wat hy noem Halleel).

3.4 Oor onderwys

3.4.1 Inleiding

Malan stel dit duidelik dat sy standpunte oor onderwys in 'n baie groot mate gebaseer is op sy praktiese ervaring van die werklikheid en dat hy hom probeer weerhou van blote teorieë. Hy sê, "'n mens begin baie keer vreeslik idealisties totdat jy met die realiteite kennis maak en dan vind 'n mens jou ideale pas nie altyd in by die realiteite nie."[4]

---

(4) Mondelinge gesprek 1984.

3.4.2 Realiteite

Die realiteite waarna hy hierbo verwys, is as volg:

Die klasmusiek-onderwyser kom te staan teen 'n oormag van ander elemente waarteen hy moet veg. Hy moet onder hierdie omstandighede probeer om sy "ware aan die kind te verkoop" binne net twee periodes per week. Daarenteen het die media al die tyd in die wêreld, en ook die middele tot hul beskikking, om die kind na hul standpunt oor te haal.

Die magte wat agter die media staan en wat dinge soos popmusiek, "rock"-musiek en dergelike musiek versprei, is geweldig sterk. Finansieel word hulle gedurig verder versterk deur die sukses van verskillende tipes advertensies soos "Hierdie plaat is 'n moet. Koop dit nog vandag!" Hulle besit die geld en mense om die jeug geweldig te beïnvloed.

Die onderwyser wat wel die talent en aanleg ontvang het om klasmusiek op sinvolle wyse aan die kind oor te dra, is een van die skaarsste artikels in die hele onderwys. Hy vermoed dat heelwat persone wat te doen het met die tersiêre onderwys moontlik nie met hom sal saamstem nie, maar hy is oortuig daarvan dat daar slegs 'n klein handjievol leerkragte is wat bevoeg is om klasmusiek aan te bied. Sy ervaring in die praktyk het aan hom getoon dat dit nie net om die kennis gaan wat die klasmusiekonderwyser moet oordra nie, maar veral om 'n uitsonderlike vermoë en aanleg om sulke kennis op 'n aanvaarbare wyse by kinders te kan tuisbring. Persone soos oorlede Anton Hartman en Philip McLachlan was onder die indruk dat elke skool in die land 'n sodanige spesialis tot sy beskikking het.

Malan egter, wat daagliks gewerk het met klasmusiek en die aanbieding daarvan, het gevind dat dit hoegenaamd nie die geval is nie. In die Transvaalse Onderwysdepartement alleen is daar om en by 12 000 skole (uitgesluit die baie privaatskole en skole wat onder die Departement Nasionale Onderwys staan), en hy glo nie vir 'n oomblik dat daar 12 000 geskikte

klasmusiekonderwysers in Transvaal se Onderwysdepartement beskikbaar is nie. Daar is wel sekerlik 12 000 onderwysers wat klasmusiek gee aan skole, maar vir meer as 80 % van hulle is dit geen roeping nie, maar bloot net 'n nagmerrie. Dit geld veral vir die sekondêre skole waar die tienderjarige in 'n moeilike stadium is. Selfs B. Mus-studente wat gespesialiseerde opleiding in skoolmusiek het, wil dit nie doen nie, want hulle vind na 'n jaar of twee dat dit vir hulle onuitstaanbaar word. Hulle is miskien ook geneig om die doseer van klasmusiek as 'n minderwaardige soort werk te beskou.

Een gevolg hiervan is dat die Transvaalse Onderwysdepartement besluit het dat klasmusiek 'n vermorsing van 'n kosbare periode is, sodat dit in die sekondêre skole nou slegs tot en met Standerd 7 aangebied word.

Die onderwys is verder tans grotendeels 'n damesprofessie, en aangesien dames net 'n paar jaar skoolhou, waarna hulle dan trou en die professie verlaat, kan die onderwyskolleges en universiteite nie voorbly om genoeg mense te voorsien nie.

Dit is vir Malan dus baie duidelik dat ons hier met 'n groot dilemma sit: die Staat het sekere verpligtings, maar die mense wat bevoeg is om hierdie verpligtings na te kom, is werklik minimaal. Hyself kon deur al die jare nog nooit 'n bevredigende antwoord op hierdie probleem verskaf nie.

3.4.3 Bestaande soorte musiekonderrig aan skole

(a) Algemeen musikaal-vormende onderwys

Dit bestaan uit die klasmusiekprogram wat huidiglik in skole uitgevoer word, naamlik Groepsmusiek en Kleuterklasse waarin Orff-werk, slagorkeswerk, ensemble, blokfluit ensovoorts aangebied word. In al hierdie gevalle is die verklaarde doel om 'n algemene musikale agtergrond te verskaf.

(b) Ateljee-onderwys

Hieronder word individuele onderrig aan 'n leerling op 'n bepaalde instrument verstaan.

(c) Algemene beoefening van musiek

Dit word gevind veral in die beoefening van sang- en orkesspel byvoorbeeld jeugkore en jeugorkeste en bevorder die skepping van geleenthede vir kinders om in groepe voor die publiek te verskyn.

3.4.4 Algemene doelstellings van bestaande musiekonderwys

Skoolonderwys het gedurende die laaste aantal jare al hoe meer beroepsgerig geraak. Voorheen was dit nie so nie en was die bedoeling dat onderwys meer algemeen vormend vir die kind moet wees. Hierdie idee is egter gewysig en vandag moet 'n kind in Standerd 6 reeds bepaalde rigtings begin volg, soos 'n kunsrigting, handelsrigting, wetenskaplike rigting, ensovoorts. Inderdaad het die onderwysowerhede al hoe meer spesiale skole vir die doel van spesialisasie begin instel. Vroeër het "Spesiale Skool" beteken dat kinders wat verstandelik gestremd was, daarin opgeneem kon word. Vandag geld die benaming nog, maar dit word ook gebruik om 'n skool waar daar in 'n bepaalde studierigting gespesialiseer word. aan te dui en huishoudskole, landbouskole, tegniese skole, kuns-, musiek- en balletskole is almal "spesiale skole". Die feit dat onderwys meer beroepsgerig begin raak het, het die groot vraag laat ontstaan:

3.4.5 Is individuele onderrig 'n staatsverpligting?

Deesdae word daar in Londen en baie Amerikaanse state nie voorsiening gemaak vir individuele onderrig in enige instrumente nie. Die owerhede voel dat die kind sy individuele lesse buite skoolverband moet kry, want die Staat kan nie die hoë koste dra daarvan om een vir een kind alleen onderrig te

laat kry nie.

Op die Engelse platteland is die posisie 'n bietjie anders. Daar verskaf die meeste graafskappe wel semi-individuele onderrig in klein groepies. Dit geld slegs melodie-instrumente, en drie of vier leerlinge neem gelyktydig viool, 'n houtblaasinstrument of dergelike instrumente. Klavier word egter definitief nie in skole aangebied nie. Suid-Afrika is dus een van die min lande wat individuele lesse in klavier in skole aanbied. Dit is dan ook net in sekondêre skole, vir leerlinge wat musiek as 'n skoolvak neem. Die res van die leerlinge neem klavier buite-kurrikulêr.[5] In Engeland sowel as Amerika kan musiek wel as matriekvak aangebied word, maar dit word van die kinders verwag om hulle individuele lesse privaat buite die skool te neem.

Malan voel dat die gee van individuele onderwys in ons besondere landsomstandighede tog iets is waaraan die Staat baie aandag behoort te gee. Suid-Afrika is deur sy geskiedenis gedwing om anti-musiek te wees. In die sewentiende en agtiende eeue, dit wil sê rondom die tyd van ons volksplanter Jan van Riebeeck, was die musieklewe in Nederland en baie ander Europese lande (veral Duitsland) reeds op 'n hoogtepunt.

---

(5) Hier word net Transvaalse skole bedoel, waar alle gekeurde leerlinge, bo en behalwe vakleerlinge, huidiglik musiek neem by 'n Musieksentrum wat aan 'n spesifieke skool toegewys is. Dit kan 'n Laer- of Hoërskool wees. In die ander drie provinsies kan hulle deur die skool klavier neem.

In Suid-Afrika het die blanke beskawing toe so pas begin,[6] en het die mense eerstens probeer om gevestig te raak en het musiek agterweë gebly. Daarna het die Groot Trek en Kaffer-oorloë gevolg. Verder was daar geen groot gevestigde gemeenskappe nie, behalwe Kaapstad. Plekke soos Graaff-Reinet en Grahamstad is eers veel later gestig. Die gevolg van die pionierslewe was dat die mense van Suid-Afrika agter geraak het wat hulle kennis, ervaring, belewenis en liefde vir musiek betref. Die enigste plek waar musiek 'n volgehoue rol gespeel het, was in die Godsdiens.

Malan voel dat ons selfs vandag nog veg teen bogenoemde agterstand, veral wat die Afrikanerdom se algemene musieksmaak betref. Dit is vir hom een van die belangrike redes waarom hy reken dat die Staat 'n sekere verpligting het om te help om die agterstand in te haal.

Ateljee-onderwys is gedurende die 1940's in die Kaaplandse Onderwysdepartement ingestel. Leerlinge kry individuele onderrig vanaf die Laerskooljare teen die betaling van 'n minimale bedrag per kwartaal. Die Vrystaat het dit in die vyftigerjare ingevoer.

In die Transvaal het dit vir die heel eerste keer in 1971 in werking getree. Dit het gebeur nadat Malan in 1970 onder dr.

---

(6) Dorpsgemeenskappe was kolonialisties en klein en daar was min mense wat opleiding in musiek gehad het. Ook was daar baie min onderwysers. Die bevolking was baie klein en die res van die bevolking was baie yl verspreid. Onder bogenoemde omstandighede kan geen kunsvorm floreer nie, veral nie musiek nie. Daar was 'n groot skaarste aan instrumente wat in daardie tyd nie beskikbaar was nie. Die traporrels wat wel hier en daar gevind is, was ingestel op Psalms en Gesange. Die mense wat wel musiek gedoen het, was meestal ingevoerde Hollandse onderwysers, asook 'n groepie Skotse predikante (onder wie Andrew Murray), wat ook musiek saamgebring het, maar hulle was 'n klein groepie. Hierdie soort omstandighede mond uit op musiekeksamens as die enigste toereikende aansporing vir mense om musiek te studeer. Daar is geen liefde vir musiek of geen behoefte daaraan nie, maar wat belangrik is, is eksamenprestasies. Wanneer musiek wel tuis gedoen word as huismusiek, is dit gewoonlik nie Afrikaners nie, maar anderstaliges wat dit bedryf.

A.L. Kotzee aangestel is as Onderwysbeplanner. (Sien hoofstuk 4, p. 76). Dit het Malan die hele 1970 geneem om die ordonnansies sodanig gewysig te kry dat musiek in die onderwysstelsel ingevoer kon word. Voorheen was dit, volgens die oorspronklike ordonnansies, onwettig, en kon dit nie inpas by die wettiese beskrywing van onderwys in die Transvaal nie.

Gedurende 1971 is departementele musieksentrums vir die eerste keer in die Transvaal ingestel. Aanvanklik het Malan hard probeer om skoolhoofde te oorreed om die dominansie van die klavier af te breek. 'n Paar hoofde - veral dié in die groot sentrums, Pretoria en Johannesburg, waar onderwys in ander instrumente beskikbaar was, kon dit regkry; maar vir die hoofde op die platteland was dit onmoontlik. Wie moes byvoorbeeld vioollesse gee op Messina of Nylstroom?

Om die dominansie van die klavier af te breek, moet die owerheid twee dinge doen:

(1) Die **instrument** (viool, fluit, ens.) moet binne bereik van die kind wees; hy moet dit kan leen, huur of koop.
(2) Die **onderrig** moet binne bereik van die kind wees; hy moet nie nodig hê om baie myle ver daarvoor te ry nie.

Juis om hierdie redes kon die platteland nog nooit daarin slaag om die dominansie van die klavier te verminder nie. Dit was ook die rede waarom die reisende onderwyser 'n plek gekry het in die onderwys van die Vrystaat. Transvaal het dit ook, maar op 'n baie kleiner skaal, terwyl die reisende onderwyser in Natal weer afgeskaf en onderrig gesentreer is.

3.4.6 Algemeen musikaal-vormende onderwys en groepwerk

Malan voel baie sterk daaroor dat die Staat 'n verpligting het om elke kind 'n basiese musiekkennis te laat kry, asook geleentheid om musiek te beoefen. Hierdie benadering gee vir hom 'n duidelike antwoord op die vraag of die Staat bo en behalwe die gewone onderwys wat hy verskaf, nog jeugkore en

-orkeste ook in stand moet hou. Tans meen die Staat dat hy sy verpligting nakom deur middel van verpligte klasmusiek in die primêre skole waar daar in die Transvaal tot twee periodes per week klas gegee mag word. Hy is van mening dat die aantal jare verpligte klasmusiek in alle onderwysdepartemente dieselfde behoort te wees.

Dit is egter op die oomblik nie die geval nie en alleen minimum vereistes word bepaal.[7]

Algemeen musikaal-vormende onderwys, wat gerieflikheidshalwe klasmusiek genoem word omdat dit in 'n klassituasie onderrig word, moet basiese dinge bevat soos kennismaking met die notasie van musiek en kennismaking met aktiwiteite soos hoe dit beoefen en aangebied word deur orkeste, operahuise, uitvoerende kunstenaars, ensovoorts.

Verwerwing van die bogenoemde soort agtergrond word bemoeilik en grotendeels in die wiele gery deur die feit dat die platebedryf, koerante en uitsaaiwese voortdurend besig is om 'n soort musiek te versprei wat uit 'n opvoedkundige oogpunt as absoluut afbrekend en ongewens beskou moet word. Die laer- en hoërskoolkind van vandag is natuurlik gedurig daaraan blootgestel.

Malan meen egter dat, soos die georganiseerde onderwys swak letterkunde, swak poësie, ongewenste geskiedkundige gegewens en dergelike dinge uit sy opleidingsprogram weer, hy dit ook met swak musiek kan doen, want daar is ongetwyfeld onderskeibare **goeie** en **slegte** musiek. Hiermee bedoel hy nie die verskil tussen sogenaamde "Klassieke" en "Pop"-musiek nie, maar uit 'n onderwysoogpunt sou hy sê goeie musiek is enige musiek wat goed en smaakvol aangebied word. Slegte musiek weer is

---

(7) In die Transvaal: Gr. 1 - St. 7.
In die Vrystaat: Sub A - St. 10.
In die Kaapprovinsie: Sub A - St. 8.
In Natal: Sub A slegs tot St. 5.

musiek wat in swak smaak aangebied word en wat 'n negatiewe uitwerking op die gemoed en geestesvorming van die kind het.

Die uitwerking van die musiek wat deur die media en finansiële wêreld aangewend word, beskou hy as beslis negatief. Dit is ook so wyd verspreid, en die kind is so geweldig blootgestel daaraan, dat die Staat beslis 'n plig het om iets as teëvoeter aan te bied, en hierin sien Malan die essensiële funksie van klasmusiek in die onderwys.

Klasmusiek bied die ideale geleentheid vir 'n aanvang met groepwerk, deur slagorkeste, Orff-orkeste en later groter orkeste. Die waarde hiervan word nog nie ten volle besef deur die onderwysowerhede nie. Sulke groepwerk is 'n vorm van dissipline en dit het 'n vormende effek wat nog nie na waarde geskat word nie. Hierdie waarde is nie alleen suiwer musikaal nie, maar algemeen opvoedkundig, want sodra 'n kind as deel van 'n groep musiek maak, gebeur daar 'n paar dinge:

(1) Daardie kind besef dadelik dat hy 'n verantwoordelikheid teenoor sy groepmaats het. Dit is iets soos 'n spanpoging. Indien hy sy instrument of note verkeerd speel, het hy as't ware sy hele groep in die steek gelaat. Daar word met ander woorde 'n verantwoordelikheidsin gekweek.

(2) Daardie kind moet selfdissipline toepas, want indien hy net drie of vier note op 'n bepaalde punt moet slaan, dan moet hy wag, konsentreer, tel en doodstil bly tot op daardie bepaalde punt, anders word die spanpoging bederf.

(3) Dit bied 'n geleentheid aan 'n kind om homself te laat geld en uit te leef op 'n wyse wat op geen ander gebied bestaan nie. Hy kry die gevoel dat hy iets belangriks het om te doen, al is dit net om een trom drie maal te slaan, en die gevoel van prestasie wat so 'n kind kry is van groot waarde. Hy voel dat dit een van die min plekke is waar hy werklik kan uitstyg.

(4) Groepsmusisering het baie beslis remediërende waarde vir verskillende afwykings. Vir verstandelik vertraagde of gestremde kinders; sowel as vir kinders wat liggaamlik gestremd is, hou dit 'n unieke soort opvoedingsvoordeel in[8]

3.4.7 Voorsiening van fasiliteite

Malan se ondervinding is dat die onderwysowerhede van die Transvaalse Onderwysdepartement werklik ten opsigte van die voorsiening van apparate en hulpmiddels 'n baie groot bydrae gemaak het. Die skole is goed toegerus en daar bestaan ook volop moontlikhede om toerusting aan te vul.

3.4.8 Onderwys aan die verskillende ras- en taalgroepe

Dit is vir Malan 'n bewese feit dat die onderwys van die verskillende ras- en taalgroepe nie dieselfde kan wees nie om die eenvoudige rede dat volksidioom so 'n belangrike en sterk rol speel in die opvoeding van die kind. Selfs die Afrikaans- en Engelssprekende kind se volksidioom wat musiek betref is verskillend, om nie eens te praat van die Kleurling en die Swart kind en die verskillende Swart stamme nie. Vir die Westerse oor klink alle Swart stamme se musiek eenders, maar vir die Swart mense self is dit baie ver van dieselfde af. Onder die Indiërs word daar ook 'n geweldige probleem aangetref. Die Moslems maak glad nie musiek nie - dit is teenstrydig met hulle geloof, terwyl die Hindoes weer baie lief is vir musiek. Hulle maak trouens selfs Westerse musiek en wil graag die Westerse idioom beoefen. Daarom is dit van die uiterste belang dat sillabusse volgens bevolkingsgroepe aangepas word.

---

(8) Hier dink Malan aan 'n geval wat hy in een van die Amerikaanse state teëgekom het. Hy het besoek afgelê aan een van die skole wat klasmusiek beoefen. Die betrokke onderwyseres het hom geneem na 'n seun wat so gestremd was dat hy aanvanklik glad nie kon beweeg nie. Deur hom te betrek in klassang en 'n minimale aandeel in die klassangorkessie te gee was hy op daardie stadium wat Malan hom gesien het, reeds in staat om sy een hand met die ander hand vas te hou, en die trom op elke eerste pols te slaan.

4. MALAN SE BETREKKING AS ONDERWYSBEPLANNER

4.1 ALGEMEEN

Gedurende die jare 1979 tot 1980, toe die gewone periodieke salarisaanpassings van personeel deur die TOD oorweeg is, is 'n Regeringskommissie aangestel om 'n nuwe postestruktuur in te stel.[1] In hierdie nuwe postestruktuur sou die Hoof van Musiek (wat in hierdie stadium Malan was) moes inboet aan rang en status. Benewens hierdie feit was dit ook so dat die funksie van Hoof van Musiek feitlik niks anders as 'n beplanningsfunksie was nie. Om hierdie redes het die destydse Direkteur van Onderwys, prof. J.H. Jooste, besluit om die pos Hoof van Musiek te omskep in 'n beplannerspos. Malan het dus Onderwysbeplanner van Musiek geword. Sy werk het nog presies dieselfde gebly as toe hy Hoof van Musiek was; slegs die benaming het verander om sy betrekking in lyn te bring met die struktuur van die res van die Onderwysdepartement.

Die betrekking Hoof van Musiek is oorspronklik in 1970 deur dr. A.L. Kotzee, toenmalige Direkteur van Onderwys, ingestel. Tot 1970 het daar nie so 'n betrekking bestaan nie. Daar was wel 'n Hoof van Biblioteekwese, van Kleuteronderwys, van Navorsing, ensovoorts, maar nie van Musiek nie. Die TOD is ook van alle kante af gekritiseer oor die swak toestand van musiekonderrig aan die skole, en daar is beweer dat die Transvaal ver agter was by die ander provinsies in hierdie opsig. Dr. Kotzee het besef dat daar 'n groot probleem bestaan het en werk gemaak daarvan deur 'n Hoof van Musiek aan te stel in die persoon van Malan. Sy eerste opdrag was om vas te stel wat die probleme rondom musiekonderrig was, en wat gedoen kon word om hulle reg te stel. Hy sou natuurlik moes sorg om in besonderhede in te gaan op die organisatoriese aspekte van die saak.

---

(1) Dit was 'n landswye hersiening van postestrukture en salarisskale.

Die kritiek waaraan die Transvaalse skole onderhewig was tot en met 1970, waarna sake geleidelik verbeter het, was hoofsaaklik op die volgende toestande gemik:

1. Die gebrek aan onderrig in musiek as 'n vak - omtrent alle kinders wat dit as 'n vak wou neem, moes onderrig buite die skool by privaatleerkragte kry.

2. Die gebrek aan behoorlike toesig oor die aktiwiteite in klasmusiek.

3. Onvoldoende voorsiening van geskikte klaskamerruimtes en musiektoerusting.

4. Die gebrek aan pogings om ander instrumente as die klavier te bevorder.

5. Die algemene swak standaard van skoolkore en die gebrek aan pogings om op hierdie gebied leiding te gee.

6. Die feit dat daar geen erkenning gegee is deur die skole vir musikale prestasies nie.

7. Die toestand dat onderwysers dikwels foutief benut is. Daar was niemand met vakkennis in die Departement om toe te sien dat onderwysers in die mees geskikte posisies geplaas word nie, en dit kon dan byvoorbeeld gebeur dat 'n persoon met eenjarige opleiding in Klasmusiek (aangetoon op sy diploma) aangestel word om Musiek aan 'n Hoërskool te gee. Sulke besluite is deur algemene administratiewe amptenare geneem wat nie opleiding in hierdie verband gehad het nie en die gevolg was soms chaoties.

Malan moes sy opdrag om sake reggestel te kry vanselfsprekend binne die bestaande wette en onderwysordonnansies van Transvaal uitvoer. Dr. Kotzee was egter so bewus van die ernstige tekortkominge wat bestaan het (al het hy nie altyd die gespesialiseerde kennis gehad om sy vinger presies op die probleem-

punte te lê nie) dat hy selfs aangedui het dat Malan dit moes noem as dit geblyk het dat dit nodig sou wees om die ordonnansies te wysig - iets wat hy wel bevind het, en waaraan hy vir die volgende jaar aandag gegee het. In daardie stadium het die ordonnansie nie voorsiening gemaak vir amptelike buite-kurrikulêre onderrig in die instrumente nie, en Malan moes die hele 1970 spook om die ordonnansie gewysig te kry.[2]

4.2 Die wysiging van die Ordonnansie

Die eerste feit wat Malan ontdek het, was dat die ordonnansie nie toegelaat het dat buite-kurrikulêre instrumentale onderrig aan skole kon plaasvind nie. Die ordonnansie was klaarblyklik so beskrywe omdat die mense wat dit opgestel het nie oor die nodige insig of inligting beskik het om die aard van die behoefte in te sien nie. Die volle jaar 1970 is dus bestee aan ondersoeke na metodes om ten minste daardie probleem opgelos te kry. Dit is gedoen, en die nodige ordonnansiewysigings is aangebring om die Transvaalse skole in staat te stel om instrumentale onderrig buite die kurrikulêre vereistes te gee.

In 1971, nadat die ordonnansie aangepas is, het Malan aanbeveel dat daar musieksentrums gestig word. Om 'n begin te maak het hy na vier en twintig skoolhoofde gegaan en die saak aan hulle voorgelê. In samewerking met die skoolhoofde wat die begeerte asook die fasiliteite gehad het, het hy dan die skole wat deel sou hê aan die projek besoek om die administratiewe aspekte van die volgende sake met hulle te bespreek:

---

(2) Dit is gedoen deur die uitbreiding van die ordonnansie, naamlik om buite-kurrikulêre onderrig amptelik in te stel, na die kabinet te verwys vir goedkeuring, en nadat dit deur die kabinet aanvaar is, is dit deur die provinsie geïmplementeer. Die Vrystaat en Kaapland het dit reeds in daardie stadium in hulle onderwys toegepas en nadat dit vir 'n aantal jare in die Transvaal in gebruik gekom het, het ook Natal dit geïmplementeer. In daardie stadium was dit Provinsiale Rade wat bogenoemde sake onder hulle beheer gehad het, maar sedert Malan se aftrede het die struktuur en opset totaal verander en vandag word dit deur "Eie Sake vir Blankes" beheer. (Provinsiale ordonnansies is dus deur 'n landswye ooreenstemming in wette en ordonnansies vervang.)

1. Instrumentale onderrig buite 'n kurrikulum, en die aanstelling van geskikte personeel.
2. Die algemene opvoedkundige benadering van sulke individuele onderrig (asook die dissiplinêre waarde daarvan).

Malan het terselfdertyd gepleit dat daar aan skole waar dit enigsins prakties uitvoerbaar was, weggebreek moes word van aandag aan slegs klavieronderrig sodat orkesinstrumente ook aangebied kon word. In die eerste jaar (1971) kon hy net een hoof vind wat bereid was om sy heelhartige samewerking te gee in hierdie opsig, naamlik die Engelssprekende mnr. Bill Harrison van die Blairgowrie Primary School in Linden, Johannesburg. Hy was, sover bekend, die enigste skoolhoof wat op daardie tydstip (en baie moontlik tot vandag toe nog) self 'n musiekgraad (B. Mus) gehad het, en dit het sekerlik bygedra daartoe dat hy die waarde van die idee onmiddellik ingesien het, hom ten gunste daarvan uitgespreek het, en hom daarvoor beywer het. Afgesien van mnr. Harrison het omtrent drie uit die ander drie en twintig skoolhoofde kans gesien daarvoor om enkele ure per week aan die onderrig van orkesinstrumente af te staan.

Nã 1971 het Malan elke jaar 'n aantal bykomende skole genader, terwyl die idee sõ begin posvat het dat sommige skole selfs uit hulle eie aansoek gedoen het om musieksentrums te stig. Hy het daarna nog vir die volgende drie tot vier jaar gereeld self rondgery om hoofde te probeer ompraat, en dit het soms nogal baie moeite gekos om hulle te oortuig van die wenslikheid daarvan om sulke opleiding te voorsien. Maar sodanige musieksentrums het tot en met sy aftrede in 1983 aangegroei tot ongeveer 150, terwyl die aanvanklike klein getalletjie personeellede uitgebrei het vanaf 24 tot tussen 400 en 450.

4.3 Musieksentrums

Die Transvaalse ordonnansie het in daardie stadium nie toegelaat dat leerlinge in skooltyd kon musiekles kry nie. Die Departement het bepaal dat buite-kurrikulêre werk buite-uurs

onderneem moes word. Malan het daarop gewys dat die benaming buite-kurrikulêr niks te doen het met welke uur van die dag die werk onderneem word nie; kurrikulêr beteken bloot dat daar voorgeskrewe verpligte sillabusse moet wees. Die Departement het egter volgehou dat buite-kurrikulêr nā skool beteken, en om hierdie idee gewysig te kry, moes Malan omtrent drie jaar lank baklei. Hy het hierin ook geslaag, en sleutelpersone soos die destydse Adjunk-Direkteur van Onderwys, prof. Jooste, wat aanvanklik heftig teenstand gebied het, is tans ten gunste daarvan.

As gevolg van Malan se volgehoue pogings, is die regulasies[3] vanaf 1976 sō gewysig dat musiek minstens in die primêre skole soggens gedurende skooltyd gegee kon word. Weens die regulasies was dit egter voor 1976 nie moontlik nie, en dit was die hoofrede waarom Malan musieksentrums eerder as skoolposte bepleit het. Sulke sentrums moes dan vir die hele omgewing voorsiening maak, en nie net vir die leerlinge van die betrokke skool nie. Kinders wat van ander skole af gekom het, moes in die middae geplaas word, terwyl dit vanaf 1976 toegelaat is dat die plaaslike leerlinge soggens kon les kry. Laasgenoemde reëling is geïmplementeer deur middel van rotasie-onttrekking, dit wil sê 'n leerling het slegs een periode van 'n betrokke vak per kwartaal gemis omdat die les elke week op 'n ander tyd plaasgevind het.

'n Ander rede waarom sentrums ingestel is, was die groot probleem dat daar in die meeste gevalle nie instrumente by skole beskikbaar was nie. Die Departement het dit nie voorsien nie. Maar uiteindelik het Malan, weer nā groot moeite en veel inspanning, daarin geslaag om 'n jaarlikse bedrag in die begroting vir musiek ingewerk te kry waaruit instrumente vir onderrigdoeleindes aangekoop kon word.

---

(3) Dit was interne departementele regulasies wat deur die Direkteur nagegaan is en het niks met die Provinsie te doen gehad nie, met ander woorde, dit was nie provinsiale ordonnansies nie.

Hierdie bedrag het jaarliks gewissel volgens die algemene finansiële omstandighede en het soms tot soveel as R180 000 per jaar bedra. Met hierdie geld is daar nie klaviere of klasmusiek-instrumente aangekoop nie, maar slegs orkesinstrumente. Die TOD het op hierdie wyse die meeste skole van 'n imposante getal fagotte, klarinette, fluite, ensovoorts voorsien.[4]

4.4 Jeugkore en -orkeste

Die eerste vier streekskore en -orkeste is ingestel op 1 April 1978. Hulle was dié van Noord-Transvaal, Oos-Rand, Witwatersrand en Wes-Transvaal. 'n Jaar later (21 September 1979) is die Oos-Transvaalse en Verre Noord-Transvaalse kore in die lewe geroep.[5]

Hierdie stigting van kore is gedoen by wyse van 'n voorlegging wat Malan gemaak het wat deur 'n Uitvoerende Komitee goedgekeur is. Dit is met ander woorde deur Malan geïnisieer en deur administratiewe amptenare ten uitvoer gebring. Hulle was in beheer van die administratiewe aspekte; die bewoording en die opstel van sodanige instelling van die kore, nadat Malan die insette vir hulle gegee het.

Hierdie voorstelle het dan gegaan na die Uitvoerende Komitee van die Provinsiale Administrasie waar sogenaamde UK-besluite Nr. X geneem is waardeur byvoorbeeld 'n koor ingestel is.

---

(4) Aanvanklik het Malan die ouers aangemoedig om self instrumente te koop. Die eerste aantal sentrums was egter 90% klavier-georiënteerd, want elke skool het reeds een of twee klaviere besit wat volgens die normale voorsiening van apparaat aan hulle uitgereik is (een vir die saal en een vir klasmusiek), en verder het die skole self klaviere uit skoolfondse of dergelike gelde aangekoop vir die doel van 'n sentrum. Voordat 'n musieksentrum aan 'n skool toegewys kon word, moes die hoof vooraf verseker dat daar genoeg plek en ruimte beskikbaar was waar musiek gegee kon word, want daar is nie spesiale kamers gebou nie; skoolklaskamers moes gebruik word.

(5) Nā sy aftrede is die Wesrandse Koor gestig, maar daaraan het hy geen aandeel gehad nie.

In die Transvaal word 'n dirigent 'n salaris betaal (een derde van die salaris van 'n gewone skoolonderwyser).

Adolph Theron van Pretoria (dirigent van die Noord-Transvaalse Jeugkoor) is byvoorbeeld 'n voltydse onderwyser (Departementshoof)[6] wat naweke die koor neem en wat dan 'n agt uur per week besoldiging daarvoor kry. Ook begeleiers is aangestel en betaal en op aandrang van Malan is daar nã drie jaar organiseerdersposte geskep, wat ook besoldig word. Hierdie poste is ook vir agt ure per week. Onderwysers kon hierdie poste vul, maar meesal was dit pensioentrekkers wat daarin aangestel is, soos byvoorbeeld Mej. Christine Joubert wat die organiseerder van die Jeugkoor en -orkes in Pretoria is. Sy beklee 'n 2/3 pos, met ander woorde 16 uur per week.

Nog iets wat Malan slegs met groot moeite ingestel kon kry, was die begroting vir bladmusiek, sodat die wet op Outeursreg gehoorsaam kon word (met ander woorde die fotokopiëring van musiek was nie meer nodig nie).

Alle kore en orkeste het jaarliks 'n redelike groot bedrag (R1 000) gekry om bladmusiek aan te koop.

Verder het hy elke bestaande aspek van die wet op Outeursreg, soos wat dit van toepassing is op skoolgebruik en spesifiek op musiek, bestudeer en skoolhoofde voorgelig daaroor. Hy het egter goeie rede om te glo dat nie almal van hulle dit ten volle uitvoer nie.

Anders as in die Vrystaat, word die Transvaal in ses streke ingedeel met 'n koor vir elke streek, omdat die afstande so groot is. Vier van die ses streke het elk 'n eie jeugorkes ook.

---

(6) Hy is baie onlangs aangestel as hoof van die skool vir Kuns, Musiek en Ballet in Pretoria.

In 1980 begin Malan met Jeugmusiekfeeste in die Staatsteater. Dit het uitgebrei na Johannesburg, in so 'n mate dat jeugsolis-te saam met Simfonie-orkeste begin optree het. Laasgenoemde het egter niks persoonliks met Malan te doen gehad nie.

4.5 Kuns-, Musiek- en Balletskole

Die Kuns-, Musiek- en Balletskole is volgens Malan nie 100% sy breinkind nie (in teenstelling met die Musieksentrums wat geheel en al deur hom geïnisieer en tot uitvoer gebring is).

Die Wet van 1969 het bepaal dat die Provinsiale Departemente sekere bestaande Spesiale Skole (Gespesialiseerde Skole; nie vir verstandelik vertraagde kinders nie), moes oorneem. Onder hulle was Huishoudskole, Handelskole, Ambagskole en ander wat voorheen onder Nasionale Onderwys gesorteer het.

Onder bogenoemde was daar ook twee Kunsskole. Die skool in Johannesburg het ook 'n Balletafdeling gehad, en dit was met ander woorde 'n Kuns- en Balletskool; terwyl Pretoria se skool net uit 'n Kunsafdeling bestaan het. Beide skole het slegs vir Standerd 9 en 10 onderrig verskaf.

Met die oorname van hierdie twee skole het Malan by dr. A.L. Kotzee gepleit om musiek as 'n derde kunsrigting by albei skole in te stel, en by die Pretoriaskool ook ballet. Albei moes dus Kuns-, Musiek- en Balletskole word (KMB). Dr. Kotzee was baie simpatiek oor die voorstel. Hy het dan ook dadelik die nodige wiele aan die rol gesit om sodanige Ordonnansiewysi-ginge gereël te kry. Die nodige UK-besluite moes ook geneem word. Die skole is 'n ruk daarna vir standerds 9 en 10 inge-stel en Malan het hom onmiddellik daarvoor begin beywer om dit na standerds 6, 7 en 8 uitgebrei te kry, na aanvanklike groot teenkanting van Dr. Kotzee.

Dr. Kotzee se aanvanklike teenkanting spruit hoofsaaklik uit die feit dat hy gevoel het dat 'n kind wat skilder se talent nie so vroeg wys soos byvoorbeeld 'n kind wat talent in 'n mu-

siek- of balletrigting toon nie. 'n Kind wat pragtig kan skilder is nog lank nie 'n kunstenaar nie, daar is dus nog nie werklik sprake van talent nie. Dit kan bloot toegeskryf word aan goeie oog- en handvaardigheid. Dit is eers teen standerd 8 of 9 dat hy homself as kunstenaar kan bewys. Met musiek is dit heeltemal anders. 'n Kind wat werklik musikaal is, toon reeds op vroeë ouderdom sy talent.

Ballet het ook unieke probleme. 'n Kind kan op baie jong leeftyd aanleg toon, maar omdat sukses in ballet gepaard gaan met fisiese vermoëns (dit is beenstruktuur en liggaamlike ontwikkeling) kan dit wees dat die kind aanvanklik goed vorder en dan ewe skielik, wanneer die liggaam fisies ontwikkel, gekortwiek word.

Die vraag het toe ontstaan of daar werklik in Standerd 6 reeds behoefte en 'n noodsaaklikheid vir Kuns-, Musiek- en Balletskole is. Die taak is aan Malan opgedra om die positiewe en negatiewe aspekte rondom die KMB Skole te formuleer en uiteindelik is besluit dat die kurrikulum van so 'n aard moet wees dat as 'n leerling in Standerd 8 of 9 sou besluit om nie voort te gaan met die KMB-rigting nie, moet hy nog kan terug gaan na 'n gewone skool en sy studies in die algemene studierigting voltooi.

Op bogenoemde grond is die KMB-skole gestig wat by Standerd 6 begin, sodat hulle volwaardige hoërskole geword het. Die eerste matriekklas wat van Standerd 6 af begin het, het in 1976 gematrikuleer.

Malan het 'n reuse-aandeel gehad in die goedkeuring van die nodige fondse uit die begroting wat aangewend is vir onder andere die aankoop van die nodige instrumente soos orrels en klawesimbels. Volgens Malan is daar min onderwysdepartemente wat oor soortgelyke instrumente beskik.

Om 'n Ordonnansie of Wet te verander neem soms baie lank, daarom is dit dat dit partykeer twee tot drie jaar geneem het

om 'n idee tot uitvoer te bring, soos met die Jeugkore of die KMB-skole.

Malan het verder meestal roetinewerk by die TOD gedoen.

4.6 Koorleierskursusse

Die eerste amptelike Transvaalse koorleiers-kursus is deur Malan georganiseer. Hy was ook die voorsitter van die Musiek-Studie-Komitee vanaf 1971 tot 1978, waarna die regulasie verander het en wel so dat 'n inspekteur die voorsitter moes wees, waarna mnr. De Beer die voorsitter geword het.

Die Musiek-Studie-Komitee is 'n liggaam wat buitemuurse kursusse aanbied. Daar word elke jaar een of ander kursus aangebied, byvoorbeeld vir klasmusiekonderwysers of musiek as vak, of 'n kursus vir buite-kurrikulêre musieksentrums. Malan het ook een jaar 'n kursus vir koorafrigters en die daaropvolgende jaar een vir toneel gereël.

Malan het voortdurend aangedring daarop dat koorsang bevorder moes word deur die instelling van prestige-kore as mikpunt (soos byvoorbeeld die Springbokspan in rugby). As argument het hy aangevoer dat kinders in die sentrums orkesinstrumente leer speel, maar dat daar geen geleentheid vir hulle bestaan het om oefening as orkesspelers te kry of in die openbaar op te tree nie. Hy het daarop gewys dat deelname aan 'n orkes net so 'n noodsaaklike deel van hulle onderwys is as die onderrig in die instrumente self.

Dit was vir hom nogal moeilik om die owerhede te oortuig. Byvoorbeeld, waarom leer 'n leerling tromboon speel (wat nie solo-instrument is nie) as daar nooit geleentheid bestaan om in groepsverband op te tree nie? Eers wanneer die dissipline van die groepsverband in werking tree, word die werklike opvoedingstaak gedoen. Om dit te kan doen moet daar byvoorbeeld oefenkampe wees waar die kind (net soos by 'n veldskool) 'n baie wyer opvoedingsinvloed ondergaan as om sy instrument te be-

speel. By oefenkampe is daar geleentheid vir toepaslike lesings, 'n samehorigheidsgevoel kon ontwikkel word, ensovoorts. Die moontlikhede vir bogenoemde soort kamp is deur Malan geskep.

Op hierdie wyse is vier streekskore in Transvaal ingestel: die provinsie is te groot vir slegs een Provinsiale koor.

4.7 Malan se werk as moderator

Die Gemeenskaplike Matrikulasieraad het een amptenaar wat kontrole uitoefen oor alle departemente, wat rapporteer oor standaarde, en voorsit op musiekvergaderings. Daarom is daar 'n moderator vir musiek aangestel soos wat elke ander vakrigting 'n moderator het. Die Matrikulasieraad se moderator is ampshalwe ook moderator van al die ander provinsies. Malan het gedien op alle komitees wat oor sillabusse besluit het tot en met die jongste hersiening wat geïmplementeer is. Volgens Malan[7] is daar nie besonder baie aan die sillabusse verander nie, maar dit is standaardbeleid om die sillabusse van alle vakke al om die vyf jaar te hersien.

Hy was moderator vir musiek vanaf 1971. Dit beteken dat hy alle vraestelle van alle departement ontvang het, asook monsterskrifte van alle departemente. Dit het hy kontroleer om te sorg dat daar 'n gelykvormige standaard was. Sy hooffunksie was met ander woorde om te kyk of eksamenvrae nie te eenvoudig of te streng gestel was nie, of die wyse van puntetoekenning nie te streng of te vrygewig was nie, en of daar 'n redelike standaard gehandhaaf word in alle departemente. Hy moes nie die nasienwerk van die eksaminator kontroleer nie.

Malan is tans ook moderator vir alle matrikulasie-eksamens in musiek in die land. Dit beteken alle vraestelle van die departemente in Kaapland, Vrystaat, Transvaal, Natal en ook Indiërsake se musiekvraestelle word deur hom gemodereer. (Hy

---

(7) Mondelinge gesprek met Malan in Bloemfontein, 1987.

noem dit as 'n interessante feit dat daar meer Indiërs musiek as vak op hoër graad neem as wat daar Blanke vakleerlinge in die Vrystaat is).

5. BESPREKING EN ANALISE VAN SOMMIGE WERKE

In hierdie hoofstuk word aandag bestee aan die werke wat Malan self as sy beste musiek beskou, en wat dus bedoel is om bo die vlak van gebruiksmusiek uit te styg. Omdat sy operettes gereeld uitgevoer word en dus as 'n belangrike vormingselement in die musiekbelewenis van talle skoliere beskou moet word, word een van hulle ook oorsigtelik bespreek.

Ten slotte word verwys na sy snelstudies en bladleestoetse omdat hy interessante inligting verskaf het oor die ontstaan daarvan.

5.1 Halleel (Bylaag I)

Dit is die vyfde deel uit **Hatoodoot.** Aangesien die vyf dele van Hatoodoot in musikaal-tegniese opsigte eensgesind is, word slegs die een deel in besonderhede bespreek.

Dit is 'n werk vir koor en orrel met woorde wat Malan self uitgesoek het uit twee Psalms. Soos wat die voorskrifte van die werk as geheel aandui, wil Malan in sy toonsettings 'n Joodse stemming suggereer. Alhoewel die musiek op die oog af in tradisionele diatoniese styl is, word daar dus egter tog aansluiting gevind by 'n sekere mate van eksotisme om Joodsheid te suggereer.

1. Die musiek begin in c mineur, gaan deur E-mol (maat 14), keer terug na c mineur in maat 25, beweeg deur A-mol majeur in maat 35, dadelik weer terug na c mineur in maat 36, deur E-mol majeur in maat 77, terug na c mineur in maat 80, na C-majeur in maat 85, en met 'n mediantverhouding na A-mol majeur in maat 95. In maat 103 keer die musiek met nog 'n mediantverhouding terug na C majeur. Die volgende verskuiwing is na die mediant mineur (a mineur) in maat 110. Dit word gehandhaaf tot in maat 139, waarna C majeur weer oorneem. Die stuk eindig dan in maat 171 in C majeur. Weens sy begeerte om 'n Joodse stemming

te bevorder gee Malan nie aandag aan die gewone kenmerke van 'n tradisionele diatoniese skryfwyse nie. Daar is nie deurlopende harmoniese denke in die sin dat swaartepunte gevorm word of modulasies funksionele betekenis het nie; die akkoordiek en modulasies word om effeksredes gebruik. Voorbeelde hiervan is naby die begin van die musiek in mate 5, 15 en 35:
In maat 5 word die Napolitaanse harmonie gebruik, wat 'n aangename effek het maar nie in die tradisionele sin van verdonkering nie (Halleel is 'n loflied).
In maat 15 dien die plotselinge verskuiwing na E-mol majeur nie 'n ontleedbare doel nie maar verskaf weer 'n aangename effek. Dieselfde geld vir die mooi uitwyking deur A-mol majeur in maat 35, en vir die aangename maar nie-funksionele chromatiek in mate 37, 39, 41, 63, 67, 77, 78, ens.

2. Duidelike formele seksies word gevind en dit is klaarblyklik so gedoen om elke vers van die Psalm as 'n aparte deel te laat uitstaan. Die verskillende seksies is as volg:

Maat 1 - 24 - 'n Orrel-tussenspel word gevind van 6 mate waarna seksie 2
Maat 38 - 48 - beslaan. 'n Verdere orrel-tussenspel van 8 mate skei seksie 2 en 3 van mekaar;
Maat 56 - 84 - Seksie 3.
Maat 87 - 110 - Seksie 4 begin na 'n 2 mate orreltussenspel.
Maat 115-171 - Seksie 5. Hierdie seksie begin nadat die orrel weer sy skeidingsfunksie verrig het met 'n 4 mate tussenspel,

m.a.w. hierdie komposisie is verdeel in 5 duidelike afdelings wat elk 'n ander vers uit die Psalm aankondig en ontwikkel.

3. Die woordbeklemtoning is oor die algemeen goed versorg, alhoewel ongemaklike gevalle ook voorkom. In maat 12, by-

voorbeeld, val die klem op 'o' uit 'Loof o my siel' in plaas van op 'Loof'; en in maat 23 kry die laaste lettergreep van 'weldade' 'n ongepaste beklemtoning.

4. Die tekstuur word afgewissel tussen een tot vier stemme, en tussen blokakkoordstyl en fugale nabootsing. Die verskille verskaf aangename verskeidenheid sodat die musiek deurgaans interessant bly. Afrikaanse kerkkore behoort dit baie stimulerend te vind om aan hierdie musiek te werk.

Die harmonieë in Halleel is as volg:

Maat	Toonsoort	Akkoord	Akkoordvreemde note	Kommentaar
1-3	C mineur	i	1. a^b = bo-h	
			2. f, a^b = wisselnote	
4^1		iv^7		
4^2		V		
4^3		iv		
4^4		i		
5		^bII	B^b = dgnt	
6^{1-2}		I^7	b = bo-h	
6^{3-4}		ii^{b5}	C = pedaalnoot G = dgnt F = o.h.	
7^{1-2}		i	b♮ en d^1 = ohnte	
			d^1 en f^1 = bo-hnte	

Maat	Toonsoort	Akkoord	Akkoordvreemde note	Kommentaar
7^{3-4}	c	i	a^{b1} = bekl.	
			bo-h,	
			b^{b},	
			a^{b} = dgnte	
8^{1-2}		i	d^{1} en f = ohnte	
			a en f^{1} = bo-hnte	
8^{3-4}		V^{7}	C = antisipasie	
9^{1-3}		i	d^{1} = terughouding,	
			f, d = dgnte	
9^{4}		V^{7}_{-3}	f en d = wisselnote	
10		i	f, d^{1} = terughouding, b^{b} = o.h.	
11		i	d^{1} = terughouding	
12^{1-2}		i	d = ohnt, f = dgnt	
12^{3+4}		V^{7}_{-5}	A = dgnt	
13		V^{9}	e^{b1} = dgnt	
14^{1}		i		
	E^{b}	vi		
14^{2}		V		
14^{3-4}		I		
15^{1-2}		$b_{III}{}^{6}$		

Maat	Toonsoort	Akkoord	Akkoordvreemde note	Kommentaar
15^{3-4}	E^{b}	I		
16^{1-2}		V^{2}	g^{1} = vooruitneming	
16^{3}		V^{13}	e^{b1}, g = antisipasies	
16^{4}		V^{7}		
17		I	f, d, f^{1}, d^{1} = dgnte	
18		I	f, f^{1} = bo-h^{e} d, c, a^{b} , d^{1} = dgnte	
19^{1-3}		I	c = b-h; A^{b}, F = dgnte F = bo-h D, C, B^{1} = dgnte	
19^{4}		IV	B^{b} , D = dgnte	
20		IV	b^{b1}, d^{2} = dgnte	
21^{1-2}		I	c^{1} = leunnoot f, a^{b} = dgnte	
21^{3-4}		I^{9}	c^{1} = dgnt	
22^{1-2}		vi	f = ohnt d^{1} = dgnt	
22^{3}		vii^{6b5}_{5}	b^{b1} = ohnt	
22^{4}		V^{9}	g = antisipasie	
23 + 24		I		(= c : vi)

Maat	Toonsoort	Akkoord	Akkoordvreemde note	Kommentaar
25^{1-3}	c	i	d, f = dgnte, d, = ohnt	
25^{4}		V	$a^{\natural}$ = dgnt	
26^{1-3}		i	$b^{\natural}$, d^{1}, f^{1} = dgnte $a^{\natural}$, $b^{\natural}$, d^{1} = ohnte	
26^{4}		V		
27		i		
28		$td^{9b}/_{b}$ VII		
29		V		
30		i		
31^{1}		i		
31^{2}		V_{4}^{6-1}		
31^{3}		i^{6}		
31^{4}		td_{5}^{6} /iv		
32^{1}		iv	e^{b} = dgnt	
32^{2}		V^{7}	alle a^{b} = bo-h^{e}	
32^{3-4}		V		
33^{1-2}		i		
33^{3}		$td^{7}/^{b}$VII		
33^{4}		V^{7}		
34^{1}		i^{-5}	b = o.h.	

Maat	Toonsoort	Akkoord	Akkoordvreemde note	Kommentaar
34^{2}	c	V-3		
34^{3-4}		i		
35^{1}		iv		(= A^{b}: vi)
35^{2}	A^{b}	$^{b}IV^{6}$	b^{b} = dgnt	
34^{3-4}		I^{6}_{4}	F, F^{1} = dgnte	(= c: III^{6}_{4})
36^{1-3}	c	D^{6}_{-5}	B♮ , f♮ = ohnte d^{1} = dgnt	
36^{4}		i^{6}_{4}		
37^{1-2}		td^{-3}	g = terughouding	
37^{3-4}		F^{6}	b♮ = ohnt	
38		V^{7}		
39^{1}		i	b♮ = ohnt	
39^{2}		V^{4}_{3}	c^{1} = ohnt	
39^{3}		i	d^{1} = ohnt	
39^{4}		$td^{7}/_{iv}$	d^{1} = ohnt	
40^{1}		iv	e^{b} = dgnt	40-44 = 32-36
40^{2}		V	a^{b} = bo-h	
40^{3-4}		V^{7}		
41^{1-2}		i		
41^{3}		$td^{7}-5/_{b_{VII}}$		

Maat	Toonsoort	Akkoord	Akkoordvreemde note	Kommentaar
41^{4}	c	V^{7}		
42^{1}		i^{-5}	b = o.h.	
42^{2}		V^{13}		
42^{3-4}		i		
43^{1}		iv		
43^{2}		$^{b}vii^{13}_{3}{}^{4}$		
43^{3}		VI		
43^{4}		iv^{9}		
44^{1}		VI^{7}		
44^{2}		VI^{13}		
44^{3-4}		VI^{7}		
45^{1-2}		V^{7}		
45^{3-4}		$\flat vii^{7}$	Verm. akkoord	
46^{1}		i^{6}_{4}		
46^{2}		V^{4}_{2}		
46^{3}		i^{6}	a = dgnt	
46^{4}		V^{4}_{3}		
47-48		I		

Maat	Toonsoort	Akkoord	Akkoordvreemde note	Kommentaar
49	c	i	d = dgnt	
50^{1-2}_{3-4}		V^{6}_{4}, ^{6} i^{5}_{3}, ^{6}	a^{b} = bekl. bo-h f, d = dgnte	
51^{1-2}		i	f, d = dgnte	
51^{3-4}		V^{6} en V^{7}	a = bekl. dgnt	
52		i	d^{1}, f, f^{1}, a^{1}, D = dgnte	
53		V^{9}_{5}6, V	C^{1} = dgnte, f# = o.h.	
54–55		V met om-speling wat soms skyn ak=koorde vorm		
54^{2} en 55^{1}:		i^{6}_{4}		
55^{2} :		iv oor dom. ped		
54^{2-3}			c^{1}, a = wisselnote e^{b} = bo-h	
55^{2}			a^{b} = bo.h	
55^{1-3}			c^{1} = leunnoot	
56+57		i		
58^{1-2}		V^{6}_{3}, ^{4}	c, e, f = dgnte	
58^{3}		iv^{6}_{4}		

Maat	Toonsoort	Akkoord	Akkoordvreemde note	Kommentaar
58^4	c	i^6	c, e, f = dgnte	
59^1		i		
59^2		v^4_3	c, a = dgnte	
59^3		V^6		
59^4		V^9_{-5}		
60^{1-2}		i	d^1, f, D, f^1 = dgnte	
60^3		i^6		
60^4		i	D, $a\flat^1$, f^1 = dgnte	($a\flat^1$ = aanspringende dgnt)
61^1		$V^9_{6\,5}$		
61^2		i	A = dgnt f# = o.h. (chrom)	
61^3		V^6_4		
61^4		i^6_{-5}	F = dgnt	
62^1		V	A^b = bo-h $f\flat$ = dgnt	
62^2		i^6_4		
62^3		IV^{-5}	e^b = dgnt	
62^4		V^7		

Maat	Toonsoort	Akkoord	Akkoordvreemde note	Kommentaar
63^{1-3}	c	$i_3^{5,6}{}_4^{,6}$	D, F = dgnte	
63^4		$\flat vi^{-5}$		
	E^b	vii^{-5}		
64^{1-2}		V	g = dgnt	
64^{3-4}		V^7		
65^{1-2}		$I_3^{5,6}{}_4$	f = o-h.; c, a^b = dgnte	
65^{3-4}		$td_2^{4,7}/IV$		
66^{1-2}		IV	d, B_1^b = dgnte	
66^{3-4}		vi^7	g, B^b , B_I^b = dgnte	
67^1		td_5^6 /V		
67^2		V^2	c = dgnt	
67^{3-4}		td_5^6 /IV	A^b, A_1^b,= terughoudings	
	c	td_5^6 /VI		
68^{1-2}		$td_5^6, {}_3^5/$ V	$e\flat$, $E\flat$, = dgnte	
68^3		v		
68^4		$td_{5/V}^{6\ 9}{}_{-1}$		
69^1		i_4^6		
69^2		v^9		

Maat	Toonsoort	Akkoord	Akkoordvreemde note	Kommentaar
69^{3-4}	c	$i^{5\ 6}_{3}$,	f, D = dgnte; a^{b}= bo-h; d^{1}, b♮ = antis.	
70		$V^{5\ 7}_{3}$,	a^{b} = bo-h e^{b} = dgnt en antis.	
71		$i^{5\ -5,\ 6}_{3}$	D = dgnt	
72^{1-2}		$V^{6,6}_{4}$		
72^{3-4}		$V^{5,6}_{3}$	A^{b} = bekl. bo-h. D, F = dgnte	
73^{1}		i^{-5}		
73^{2}		ii^{-5}	C = dgnt	
73^{3}		V^{6-5}		
73^{4}		$V^{9\ -5}_{2}$		
74^{1-4}		$i^{6\ 6\ 5\ 6}_{,4,3,}$	F^{1}, F, d = dgnte d = o.h.	
75^{1}		$vii^{9}_{2}4$		
75^{2}		i^{6}_{4}	F# = o.h. a♮^{1}= dgnt	
75^{3}		V		
75^{4}		i^{6}_{4}		
76^{1-2}		V^{7},i^{6}	a^{b} = bo-h	

Maat	Toonsoort	Akkoord	Akkoordvreemde note	Kommentaar
76^{3-4}	c	$V^{9}_{2}4$, V^{6}_{4}	E^{b} = dgnt	
77^{1-3}		i.	d, f = dgnte;	
	(E^{b}	vi)	f^{1}= leunnoot	
77^{4}	E^{b}	td^{6}/V		
78		V, V^{6}_{4}, V^{2}, V^{4}_{3}	G = dgnt	
79^{1-2}		I, I^{6}_{4}	F = ohnt, C, A = dgnte	
79^{3-4}		td^{2}/IV		
80^{1}		IV, I^{6}, td^{4}_{3}/IV, td^{7}/IV	B^{b1}= dgnt	
80^{2-4}		III^{6}_{5}	A^{b1}, c^{1}= dgnte	
81^{1-2}		IV, V	G, b^{b}= ohnte	
			f, d^{1} = dngte	
81^{3}		td/IV	D^{b} = dgnt	
81^{4}	c	vi i	B^{b}_{1} = dgnt	
82^{1}		ii^{6}_{5}	d^{1}, $B^{\flat}_{1}$, = dgnte	
82^{2}		vii^{2}		
82^{3-4}		V^{7}	g = dgnt	

Maat	Toonsoort	Akkoord	Akkoordvreemde note	Kommentaar
83	c	I	d = wisselnoot $b\flat$ = ohnt, f = terugh.	
84		I		
85	C	I		
86^{1-2}		^{b}II	g, c^{1}, e^{b1} = antisi-pasies	
86^{3}		I		
86^{4}		V		
87		I	b^{b}, d^{1} = ohnte d^{1}, f^{1} = bo-hnte d^{1}, b^{b}, a = dgnte	
88^{1-2}		V^{9}		
88^{3-4}		I	a = bo-h f = antis.	
89		V^{7}	e^{1}, c, a = dgnte	
90^{1-2}		I	f = terugh. d = bekl. dgnt	
90^{3}		IV_{4}^{6}		
90^{4}		I		
91^{1-2}		I	B, d = o.h^{e}.	
91^{3-4}		V_{5}^{6}	tonikapedaal	

Maat	Toonsoort	Akkoord	Akkoordvreemde note	Kommentaar
92^{1-2}	C	V^{9}		
92^{3}		I		
92^{4}		V^{II}	tonikapedaal	
93^{1-4}		V^{7}	e^{1}, $c^{1}a$ = dgnte	
94^{1-2}		V^{7}	tonikapedaal	
94^{3-4}		I	f = terugh.	
95^{1-2}	A^{b}	I	b^{b}, d^{b1} = dgnte	Naasmekaarstelling van toonsoorte sonder oorgang; mediantverhouding
95^{3-4}		I^{+2}	b^{b}, d^{1} = bekl. o.h^{e}. d^{b1}, f^{1} = echappee	
96^{1-2}		I	d^{b1}, b^{b} = bo-hulpnte	
96^{3-4}		I^{+2}		
97		I, V	tonikapedaal f = antis.	
98^{1-2}		I	d^{b1}, b^{b}=dgnte	
98^{3-4}		V^{-3}	tonikapedaal	
99-101 = 95-97				
102^{1-2}		I	F, B^{b} = terughoudings b^{b} = dgnt	Naasmekaarstelling van toonsoorte sonder oorgang; mediantverhouding

Maat	Toonsoort	Akkoord	Akkoordvreemde note	Kommentaar
102^{3-4}	A^{b}	I		103-110 = 87-94 (met enkele klein onbeduidende ver= skilletjies)
103-110 = 87-94				
111	a	i	d^{1} = dgnt; f^{1} = bo-hulpnt	Naasmekaarstelling van toonsoorte son- der oorgang; mediantverhouding
112		iv^{7}	b = ohnt	
113		V^{7}	c^{1} = dgnt	
114		i		
115^{1}		i		
115^{2}		vii^{6}_{-5}	Verm. akkoord	
115^{3}		i		
115^{4}		iv		
116^{1}		i^{6}_{4}		
116^{2}		V^{9}	c^{1} = dgnt	
116^{3-4}		iv		
117^{1-2}		V^{7}	a = terugh	
117^{3}		i		
117^{4}		ii^{6}_{5}	Verm. akk.	
118^{1-2}		I^{6}_{4}	g#, B = o.h.^{e}	

Maat	Toonsoort	Akkoord	Akkoordvreemde note	Kommentaar
118^{3-4}	a	V^7		
119-122 = 115-118				
123^{1-3}		V^7	a, c^1, c, A = dgnt	(skynakkoord i^6_4)
123^4		i	b = ohnt	
124^1		VI		
124^2		td^2 / III		
124^{3-4}		III		
125^1		iv		
125^2		III^6_4		
125^3		iv		
125^4		i^6_4		
126^1		iv^6		
126^2		td^6 / ♮ VII		
126^{3-4}		td^7 / III		
127		i	f^1 = bo-hulpnt d^1 = dgnt	
128^{1-3}		iv^7	b = ohnt	
128^4		ii^6_5		
129		V^7	c^1 = dgnt	

Maat	Toonsoort	Akkoord	Akkoordvreemde note	Kommentaar
130^{1-2}	a	vii^{6}_{5}	a = bekl. dgnt	
130^{3-4}		i		
131^{1-2}		td^{2}/III	a = o.h	
131^{3-4}		III^{6}	F = ped. nt.	
132^{1-2}		td^{6}/♭VII	b = ohnt	
132^{3-4}		td/III		
133^{1-2}		$V^{7}, {}^{6}_{5}$	c = o.h.	
133^{3-4}		i		
134^{1}		td^{9}/III		
134^{2}		III^{6}_{4}		
134^{3-4}		td7/III		
$135-138^{3}$= $127-130^{3}$				Herhaling van maat $127-130^{3}$
138^{4}	a C	td/♭VII td/V		
139–142		V	talle dgnte, o.h.^{e} en bo-h^{e} (c^{1}, e^{1}, A, c) soms met die effek van skyn-akkoord soos I^{6}_{4} op 140^{1}	

Maat	Toonsoort	Akkoord	Akkoordvreemde note	Kommentaar
143^{2}-146^{2}	C	I	talle dgnte, wisselnote, (d^{1}, f, f^{2}, b)	
146^{3-4}		V_{3}^{4}		
147^{1-2}		I^{6}		
147^{3-4}		td^{7}/vi		
148^{1-2}		td^{7}/ii		
148^{3-4}		ii		
149^{1-2}		I_{-5}^{6}		
149^{3-4}		V^{7}		
150^{1-2}		D^{6}		
150^{3-4}		V^{7}		
151^{1-2}		td^{6}/V		
151^{3-4}		V^{7}		
152-158		I	talle dgnte, o.h. en bo-h. (c^{1}, e^{1}, A, c) soms met die effek van skyn-akkoord soos I_{4}^{6} op 140^{1}	
159-160		$V^{7\ b5}$	in 2^{e} omkering: effek is Franse 6de op verlaagde 2^{e} toontrap	

Maat	Toonsoort	Akkoord	Akkoordvreemde note	Kommentaar
161-166		I		talle 7des en skyn-akkoorde soos ii^7 in 163-164 kom voor
167+ 168		$ii_2^{4\,b5}$	tonikapedaal	
169-171		I		

5.2 CREDO (Bylaag 2)

Die harmoniese idioom van hierdie toonsetting sluit in 'n sekere mate aan by die soort harmonieë wat deur die Impressionistiese komponiste gebruik is. Hierdeur bereik Malan 'n klankomgewing wat nie heeltemal tradisioneel is nie, maar wat ook nie so vreemd is dat dit nie meer in 'n Afrikaanse kerk sal aard nie. Dit verskaf ook 'n gepaste murmurende agtergrond vir die deklamering van die geloofsbelydenis deur die tenore. Die musiek bly naby genoeg aan 'n toonsoort (F majeur, met die tonika dikwels opmerklik in die voorgrond) om 'n effek van vastigheid te behou, maar die klank is individueel genoeg om byvoorbeeld die paralelle 5es en drieklanke in mate 47-49, 91-94 en 77-91 (wat vaagweg aan die organum van middeleeuse kerkmusiek herinner) op 'n natuurlike wyse te laat inpas.

Kenmerke van die musiek is die lae dinamiese toonvlak wat amper deurgaans heers (met 'n dinamiese hoogtepunt wat tot fortissimo styg aan die einde), toegevoegde tone hier en daar soos by die begin, baie dikwels akkoordvreemde note wat lank genoeg duur om 'n effek van toegevoegde tone te laat ontstaan (mate 7, 9, 14-15, 32, 53 ens.), 'n hoë persentasie milde, dissonansie oor die algemeen, pedaaltone (1-5, 9-11, 12-17, 32-34 ens.), en 'n baie ryk en sensuele klankstruktuur.

Die woordbeklemtoning is oor die algemeen besonder natuurlik gehanteer en die melodiese partye lê binne gerieflike bereik

van die stemme sodat die werk as geheel goed sing. Credo kan beskou word as 'n smaakvolle aanwins vir Afrikaanse kerkkore.

Die harmonieë van CREDO is as volg:

Mate	Toonsoort	Akkoord	Akkoordvreemde note	Kommentaar
1-5	F	iv^{+6}	g^1 toegevoegde 6^e	Die akkoord word stap vir stap opgebou deur die intredes van nuwe tone: $f^1 - g^1 - d^b - b^b$
6		iii^7		g^1 teruggehou uit vorige akkoord om die 7e te vorm
7		I^6_5		a, c^1 en e^1 word teruggehou uit die vorige akkoord
8		ii^7		f teruggehou uit vorige akkoord
9		V^9		B en d uit vorige akkoord teruggehou om die akkoord van die 9e te vorm
10		V^7	5^e word weggelaat	C, B en e uit vorige akkoord teruggehou. c is enigste nuwe noot in die akkoord
11		V^{13}, V^7		

Mate	Toonsoort	Akkoord	Akkoordvreemde tone	Kommentaar
12	F	I^{-5}	5^{e} weer eens wegge= laat uit die akkoord	Mate 1-11 vorm 'n woordelose inleiding. Die akkoordiek is 'n versiering van die formule IV-V (wat oplos na I toe) I tree in in maat 12, as vaste doelpunt wat gepas is by die woord **glo** uit **Ek glo.**
13		IV_{4}^{6-3}	Herhaalde tonika in die bas	
14+15		ii^{7-5}		
16		I^{6}		
17		IV	$c^{\#}$= terughouding uit vorige akk. g = dgnt	
18		vi	g + e = dgnte c = 7^{e} van die akkoord	
19		V^{9-7}		
20		I^{-5}		
21		I^{-5}	e^{1} = dgnt	
22		$vii\,^{9-5}_{6\ 5}$	f en F = dgnte	
23		$I\,^{9}_{6\ 5}$	b^{b} = dgnt d = vooruitneming	
24		$ii\,^{9}_{6\ 5}$	A = o.h.	

Maat	Toonsoort	Akkoord	Akkoordvreemde note	Kommentaar
25	F	vi^7	g, e, $B^{\flat}$ = dgnte	
26 + 27		td^2/IV		
28		vi		
29		v^{+6}		
30		td^2/ii	$B^{\flat}_1$ = dgnt	
31		td/V		
32		td^7/V	c^1 en c = dgnte	
33		ii		Toegevoegde 2^e word nou 'n akkoord toon (grondtoon van die volgende akkoord).
34		vii^6_3		
35 + 36		I		
37		iii^4_2		
38		td^7/iii		
39		vi^{7-3}	f = 3^e weggelaat	
40		$V\,9\flat7\,{}^{7}_{-3}$		
41 + 42		I	E = dgnt	
43		vi	C = dgnt	
44		ii^6		

Maat	Toonsoort	Akkoord	Akkoordvreemde note	Kommentaar
45	F	N^{6}	A^{1} + G^{1} = dgnte	
46		I, $^{b}II^{7}$	F = pedaalnoot	
47-54		I	met organum-agtige omspelings:	46^{3-4} = NH, 47^{3-4} b^{b},e^{b}= dgnte
				48^{1-2}= skyn- $^{b}VI^{6}$,
			a, f# = dgnte,	48^{3-4} b^{b},e^{b}= dgnte,
			vorm skyn-verm. drieklank	52 g = dgnt, 53
				b^{b}= beklemt. bo-h
55		V^{+4}_{-3}		
56		V^{7}/V^{9}	d = beklemtoonde dgnt	
57		F^{6}	(= Franse vergr. sesde-akkoord)	
58		ii^{4}_{3}	e^{b1} = dgnt	
59^{1-2}		I^{6+2}_{4-3}	g = toegevoegde 2e	
59^{3-4}		ii		
60		vi	e, c = dgnte	
61		IV^{7-5}		
62^{1-2}		ii		
62^{3-4}		vi		
63-65		td^{7}_{-5} /iii		
66		I^{7}		

Maat	Toonsoort	Akkoord	Akkoordvreemde note	Kommentaar
67^{1-2}	F	I^{7}		
67^{3-4}		iii^{-3}	a en A = dgnte	
68		$^{b}VI^{7}$	b^{b} en e^{b} = dgnte	
69		V^{+4}_{-3}	f = toegevoegde 4^{e}	
70		$V^{5\#}$		
71–73		I		
74		V^{11}		
75^{1-2}		vi^{7}		
75^{3-4}		^{b}VI		
76		11^{6}_{5}		
77^{1-2}		V		
77^{3-4}		td/ii		
78^{1-2}		td/iii		
78^{3-4}		NH	geënharmoniseerd	
79 + 80		^{b}III		
81^{1-2}		ii		
81^{3}		^{b}III		
81^{4}		IV		

Maat	Toonsoort	Akkoord	Akkoordvreemde note	Kommentaar
82 + 83	F	td/vi		
84^{1-3}		IV		
84^{4}		^{b}III, IV		
85–87		td/vi		
88		^{b}III		
89–90		I		
$91–93^{3}$		I	b^{b}, e^{b}, B^{b}, E^{b}, = ohtne	
93^{4}		vi^{-3}		
94		vi^{-3}	g, c, G, C = ohnte	
95		^{b}VI	c^{b} + G = ohnte.	
96^{1-2}		^{b}VI		
96^{3-4}		^{b}VII		
97^{1-2}		vi		
97^{3-4}		iii		
98		ii^{6}	a = terughouding uit vorige maat	
99		II_{5}^{6}	e = dgnt, d=leunnoot	
100+101		I		

5.3 KAROO (Bylaag 3)

Malan se opset in hierdie komposisie is natuurskildering. Die Karoo het 'n eiesoortige bekoring wat mense soos Malan noop om daaroor te komponeer soos wat dit verskillende digters aangespoor het om daaroor te dig.

